

Handelinge 7

Die verloop van die hofsaak

Vers 1

Toesê die hoëpriester: Is hierdie ding dan so? (Handelinge 7:1 AFR53)

Die getuies het hulle getuienis nou klaar afgelê: Stéfanus is iemand wat gelaster het teen die tempel en wat bewerings gemaak het dat hy die gebruike en sedes van Moses gaan verander.

- Daarmee is die eerste bedryf van hierdie sogenaamde ondersoek na die reg van God afgehandel.
- Die inset wat die Heilige Gees gee met Stéfanus se gesig wat soos 'n engel s'n straal, dié verwerp hulle.
- Hulle verkies die getuienis van valse leuenars wat gehuur en onderrig is om onwaarhede kwyt te raak.

Dink aan die venyn waarmee die hoëpriester die vraag gevra het:

Is hierdie ding dan so?

- Die vraag is in 'n sekere sin oorbodig, want hy kruisondervra nie die getuies daarmee nie.
- Hy aanvaar daarmee hulle getuienis.
- **Daarom is die vraag aan Stéfanus gerig!**

Die feit is dat die raad reeds in hulle binneste die besluit geneem het dat Stéfanus moet sterf. Het hulle dalk gedink aan die gebeurtenis met die Here Jesus wat in Johannes 10 beskryf word?

Jesus antwoord hulle: Baie goeie werke het Ek julle getoon van my Vader. Oor watter een van dié werke stenig julle My? Die Jode antwoord Homen sê: Dit is nie oor 'n goeie werk dat ons U stenig nie, maar oor godslastering, en omdat U wat 'n mens is, U self God maak. (Johannes 10:32-33 AFR53)

Stéfanus is 'n volgeling van die Here Jesus.

- Veral na al die bloutjies wat hulle al met die apostels geloop het, was hulle frustrasies baie hoog.
- Daarom sou hulle hom wou doodmaak – miskien as 'n voorbeeld vir almal wat Jesus wil volg?

Omdat hulle op daardie oomblik die openbare mening van die volk wat daar teenwoordig was aan hulle kant gehad het, het hulle die oomblik benut dat die reg sy loop kan neem.

Wat gaan Stéfanus antwoord?

- Stéfanus kon die vraag met net een enkele woord beantwoord het. Hy het net nodig gehad om "Nee!" te sê.
- Hy kon ook net doodgewoon stilgebly het – soos wat die Here Jesus gedoen het.

Maar Stéfanus doen dit nie. Hy verkondig die evangelie. Waarom?

Omdat God die Heilige Gees hom reeds beskryf het in die krag van sy geloof. So iemand sal nie stilbly as dit by die eer van God en die waarheid kom nie.

En Stéfanus, vol van geloof en krag, . . . (Handelinge 6:8 AFR53)

So 'n mens dink in tye soos dié nie daaraan om 'n pleidooi te lewer wat almal om hom platslaan sodat hy vry uit die hofsaal kan uitstap nie. Hy tree op as 'n getuie vir die Here Jesus Christus.

Vers 2, 3

En hy sê: Broeders en vaders, luister! Die God van die heerlikheid het verskyn aan ons vader Abraham toe hy in Mesopotamië was, voordat hy in Haran gewoon het, en vir hom gesê: Trek uit jou land en uit jou familie, en kom na die land wat Ek jou sal wys. (Handelinge 7:2-3 AFR53)

Stéfanus het begin met 'n lang preek. Die Heilige Gees het die gedagtelyn van hierdie preek vir ons bewaar laat bly.

Net vir die lekkervan Bybelstudie die volgende hipotese:

- *Waarskynlik het Saulus van Tarsus hierdie hofgeding bygewoon.*
- *Dit is hoogs waarskynlik dat dit hy is wat later die fyn detail van alles wat hier gebeur het en gesê is, aan Lukas oortel het.*

Natuurlik gebeur hier die ding wat reeds vroeg in die boek Handelinge geopenbaar word:

... maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judéa en Samarië tot aan die uiterste van die aarde. (Handelinge 1:8 AFR53)

Die hoëpriester se dubbelsinnige vraag moet nou beantwoord word.

- Enersyds is dit 'n stuk venyn waarmee hy die getuies gelykgee.
- Terselfdertyd is dit 'n vraag aan Stéfanus. Die vraag beteken in dié geval iets soos: *Is dit waardat jy gelaster het en dat jy ons sedes wat van Moses af kom, gaan verander?*

Met die eerste lees/hoor van Stéfanus se rede klink die inhoud en die vorm waarin dit aangebied word nie sinvol nie.

- Stéfanus antwoord met 'n verhaal uit die Bybelgeskiedenis.
- Om dit wat Stéfanus sê te verstaan, moet die hoorder/leser eers baie ootmoedig en ontvanklik luister na wat God die Heilige Gees vir die uitverkorene(s) sê.
- Die Heilige Gees lei die luisteraars in sy eie werk in!

Vraag: *Het die klomp daar in die Sanhedrin hoegenaamd verstaan dat die Heilige Gees hulle op 'n toer deur die openbaring van God neem?*

Die geskiedenis wat Stéfanus vertel, is nie gewone geskiedenis nie.

- Dit is geskiedenis soos wat die Here dit laat gebeur het.
- Dit is ook die Here se siening oor dinge wat mense/volke aangevang het.

Stéfanus beskryf hoe die geskiedenis van die mensdom 'n weergalose klomp ellendes is!

- Hulle son van vrede in die Here het sonder roem ondergegaan, want die mense het heeltemal van God af wegbeweeg!
- Daarom het die Here byna van voor af begin met die roeping van Abraham.

Die feit dat die mensdom uit geloof in ongeloof inbeweeg het, was nie 'n verskoonbare gebeurtenis nie. Dit het gebeur as gevolg van hulle moedswilligheid!

Dink aan die woorde van Hosea 4:6:

My volk gaante grondeweens gebreke aan kennis; omdat jy die kennis verwerp het, sal Ek jou verwerp, sodat jy vir My die priesteramp nie sal bedien nie; omdat jy die wet van jou God vergeet het, sal Ek ook jou kinders vergeet. (Hosea 4:6 AFR53)

Die Bybel (die Heilige Gees) teken hier 'n baie baie gevaarlike situasie. Dit is nie waar dat iemand wat 'n gebrek aan kennis van God se openbaring het nou 'n neutrale persoon is nie.

Met ander woorde:

- Dit is nie maar net 'n mens wat nou gewoonweg voortlewe nie;
 - hy is net nie 'n kerkmens nie.
- Iemand wat nie kennis van God (en dus van die ware geloof) het nie, is positief aggressief.
 - So 'n mens is onwys in homself.
 - Hy het niks kennis van die inwerking van God die Heilige Gees nie.
 - So 'n mens kry die oorsaak van die lewe by homself.

Luister wat sê die Here self van so 'n soort mens:

En agter die deure en die deurpos het jy jou gedenktekens gesit; want, ontrou aan My, het jy jou bed ontbloot en beklimmen wyd gemaak, en jy het vir jou bepaal die loon wat van hulle moes kom; jy het hulle by slaap lief gehad, jy het die vlees gesien. En jy het na die koning getrek met olie en jou salf baie gemaak; en jy het jou boodskappers gestuur na verplekke, ja, diep na die doderyk toe. Jy het moeg geword deur jou groot reis; tog het jy nie gesê: Dit is te vergeefs nie! Vernuwings van jou krag het jy gevind; daarom het jy nie uitgeput geraak nie. Maar vir wie was jy bedrogen bevrees? – want jy het 'n leuen aargeword aan My nie gedink nie; jy het dit nie ter harte geneem nie. Is dit nie omdat Ek swyg nie, en dit baie lank al, dat jy My nie vrees nie? Ek sal jou geregtigheid bekend maak en jou werke, dat hulle jou geen voordeel bring nie.
(Jesaja 57:8-12 AFR53)

Wat Stéfanus in sy antwoord in die Sanhedrin se koppe probeer inkry, is dat Israel se onkunde tweevoudig was.

- Hulle het gebrek aan kennis van die Here gehad.
- Daarom het hulle ook 'n gebrekkige kennis van hulleself gehad.

Die ding het 'n boemerang-effek gehad:

- Die blindheid vir hulle eie foute en mistastings oor wat die Here openbaar,
- het gemaak dat hulle terselfdertyd blind was om die openbaring en die werke van die Here te sien.

Dis asof daar 'n groot stuk ironie besig was om af te speel:

Terwyl die klomp raadslede Stéfanus se siel gesoek het, het hy probeer om vir die gevalle volk rondom hom te wys waar hulle siel soek geraak het!

Daarom begin hy met hulle geskiedenis op 'n baie ver punt in die verlede. In hulle geskiedenis kom die openbaring van God vir hulle na vore.

- Uit allerhande verborge dinge lei hy hulle nou om te verstaan wie God is en wie hulle is.
- Die groot fout wat nou blootgelê word, is dat 'n volk (ook 'n mens!) wat hoogmoedig raak, deur sy eie ondeugde oorheers word:
 - So 'n volk stel die hemelse besitting agter dinge soos eie bevoorregting en materialisme, ens.
 - Hulle verval in die ondeug van formalisme – hierdie streep trek 'n lyn deur die werk van God die Heilige Gees.

Die eintlike kwaad van Israel is dus die miskennis van die werk van God die Heilige Gees. Die hele betoog loop op na die verskriklike verwyf in vers 51:

Julle hardnekkig gesen onbesnedenes van hart en ore, julle weerstaan tydens die Heilige Gees; net soos julle vaders, so ook julle. (Handelinge 7:51 AFR53)

- Hierdie woorde is nie sommer net 'n uitbarsting van Stéfanus nie.
- Dis die opsomming of die hoogtepunt van die feite waarheen hy sy verweer opbou!

Onthou dat hierdie dinge nie baie lank na Pinkster gebeur nie! Die Heilige Gees gebruik Stéfanus in die betoog om die werk van die Heilige Gees oop te vlek.

Luister teen hierdie agtergrond weer na die inleiding van Stéfanus se toespraak:

En hy sê: Broeders en vaders, luister! Die God van die heerlijkheid het verskyn aan ons vader Abraham toe hy in

Mesopotamië was, voordat hy in Harangewoonhet, en vir hom gesê: Trek uit jou lande uit jou familie, en kom na die land wat Ek jou sal wys. (Handelinge 7:2-3 AFR53)

Sy betoog loop iets soos die volgende:

- Abraham kom natuurlik uit die heilige geslagslyn van Sem – maar dis nie genoeg nie!
- Hierdie geslagslyn se mense moes losgemaak word uit die heidendom waarin hulle teruggesink het. Josua het hulle voorvaders daaraan herinner net voordat hulle die land Kanaän ingetrek het.

Toesê Josua aan die hele volk: So sê die Here, die God van Israel: Oorkant die Eufraat het julle vaders van oudsher gewoon – Tera, die vader van Abraham en die vader van Nahor, en hulle het ander gode gedien. (Josua 24:2 AFR53)

Daarom verskyn God aan Abraham terwyl hy **in Mesopotamië was, voordat hy in Harangewoonhet**. Let op die fyn woordspeling: **Gaan en kom**

- **Trek uit (gaan uit!) jou lande uit jou familie,**
- **en kom na die land wat Ek jou sal wys.**

En tussen hierdie twee woorde, lê daar 'n geweldige wonder van God wat oor eeue afgespeel het!

Vers 4

Toe het hy getrek uit die land van die Chaldeërs in Harangaan woon; en na' die dood van sy vader het Hy hom daarvandaan laat verhuis na hierdie land waarin julle nou woon. (Handelinge 7:4 AFR53)

Op bevel van die Here trek Abram uit Ur weg. Maar toe steek Abraham vas! Hy hou nie aan trek tot waar hy moet nie. Hy gaan eers weer verder nadat die Here hom weer aanpraat.

Kroeze skryf die volgende van Abram se roeping:

“... onderleiding van Tera uit Ur weggetrek het om na die land Kanaän te gaan.”... Die rede vir die trek word nie in Genesis 11 vermeld nie. Dit word egter gedoen in 12:1: “die Here het aan Abram gesê: Gaan uit jou lande jou familie en uit jou vaderse huis, na die land wat Ek jou sal wys.” As Abram aan die roeping gevolg gee, vertrek hy uit Haran (12:4). Tog het die roeping reeds in Ur tot hom gekom (Gen. 15:7; Neh. 9:7; Hand. 7:2, 3).

Nou verstaan ons die vertrekpunt van Stéfanus se betoog. In gewone Afrikaans sê hy vir hulle:

- Julle oupa Abram is in Ur deur die Here aangesê om Kanaän toe te trek.
- Maar toe steek hy in Haran vas! Hy het nie die wil van die Here behoorlik uitgevoer nie!
- Julle is presies so hardekwas soos hierdie ou voorvader van julle! Julle steek vas sonder om te wil beweeg in die openbaring van die Here!

Simbolies het die Here daar alles wat Abram aan sy ou lewe gebind het, van hom af weg geneem ('n nuwe mens gemaak). Eers toe sy pa wat hom gebind het aan die ou wêreld dood is, het Abram verder getrek.

Letterlik staan daar: **Die Here het hom verhuis**. Die beskikkende almag van God word dus hier deur Stéfanus beskryf en bely.

Vers 5

En Hy het hom geenerfdeed daarin gegee, selfs nie 'n voetbreed nie, maar Hy het belowe om dit aan hom en sy nageslag na' hom as eiendom te gee, toe hy nog geen kind gehad het nie. (Handelinge 7:5 AFR53)

Was die patriarg Abram toe meteens die heer en koning van die nuwe land toe hy daar aankom? Nee!

- Die wonderlike is dat die Here toe vir hom totaal niks gee nie.
- Nie eers 'n stukkie grond so groot soos 'n voetspoor (voetbreed) nie.
- Die Here het net belowe sy nageslag sal eendag daar woon.

Eintlik is die volle waarheid dat Abram darem vir hom 'n grot gekoop het waar hy sy dooies kon begrawe.

en hy het met hulle gespreken gesê: As julle dit goedvind dat ek my dode van my af weg begrawe, luister dan na my en doenvir my 'n goeie woord by Efron, die seun van Sohar, dat hy aan my gee die spelonk van Magpélawat aan hom behoort, wataandie end van sy stuk grond lê; laat hy dit vir die volle somaan my gee, dat ek 'n graf onder julle mag besit. (Genesis 23:8-9 AFR53)

Nee, my heer, luister na my. Die stuk grond gee ek aan u; ook die spelonk wat daarin is, dit gee ek aan u; voor die oë van die seuns van my volk gee ek dit aan u; begraaft u dode. (Genesis 23:11 AFR53)

So het dan die stuk grond van Efron wat in Magpélateenoor Mamrelê, die stuk gronden die spelonk wat daarin is, en al die bome op die stuk grond wat op die ganse gebied daarvan rondom staan, (Genesis 23:17 AFR53)

So is dan die stuk gronden die spelonk wat daarin was, deur die seuns van Het aan Abraham afgestaan om dit as graf in eiendom te besit. (Genesis 23:20 AFR53)

Stéfanus wil daarby uitkom dat hy wil bewys dat die Sanhedrin nog nooit die Here se manier van doen verstaan het nie. Daarom sê hy: **maar Hy het belowe om dit aan hom en sy nageslag na 'n tyd eiendom te gee, toe hy nog geen kind gehad het nie.**

- Dit is menslikerwys 'n baie dom ding om te doen as jy iemand iets vir sy nageslag belowe as die persoon nie kinders het nie.
- Die saak word – menslikerwys – nog belagliker as jy weet dat sowel die man as sy vrou reeds uit hulle vrugbare tyd uitbeweeg het!

Om dit te onderstreep dat die Sanhedrin nie moet dink dat die evangelie dwaas is nie, noem Stéfanus feite wat hulle as dwaas sou beskou.

- Daarmee toon hy aan dat mens nie die handeling van God uit 'n menslike oorweging moet beoordeel nie.

Vers 6

En God het aan hom dit gesê, dat sy nageslag by woners in 'n vreemdeland sou wees en die mense hulle tot slawes sou maaken mishandel, vier honderd jaar lank. (Handelinge 7:6 AFR53)

Die nasate moes nie net nog baie lank wag om die beloofde besitting in die hande te kry nie. Die Here het eers iets anders beplan wat moes gebeur:

- Hulle moes nog eers in vreemde land gaan woon.
- Daar moes hulle 'n slawevolke word wat vir 400 jaar mishandel moes word.

Die beginsel: Die feit dat Abraham se bloed in hulle are vloei, vrywaar nie die klomp in die Sanhedrin (soos hulle voorgangers) van smaad en mislukking nie!

Vers 7

En die nasie aan wie hulle diensbaarsal wees, sal Ek oordeel, het God gesê; en daamasal hulle uittrek My in hierdie plekdien. (Handelinge 7:7 AFR53)

Hoe kom die volk toe by hulle beloofde land uit? Deur die ingrype van God self!

- God sal oordeel oor die volk wat hulle in die vreemde land sou verdruk.
- God sal hulle laat uitbeweeg na hierdie land toe.

Die uittog sou beteken dat die Here hulle van alle knellende bande vrymaak, sodat hulle die Here in hierdie land kan dien.

Stéfanus gooi twee verskillende uitsprake in die Ou Testament saam in hierdie uitspraak wat hy maak:

Maar Ek sal ook die nasie oordeel aan wie hulle diensbaar moet wees, en daarna sal hulle uittrek met baie goed. (Genesis 15:14 AFR53)

En Hy antwoord: Ek sal met jou wees, en dit sal vir jou 'n teken wees dat Ek jou gestuur het: As jy die volk uit Egipte gelei het, sal julle op hierdie berg God dien. (Eksodus 3:12 AFR53)

Let op dat Stéfanus die teks verander! Hy verander die woord **berg** in plek!

Die Heilige Gees doen dit, omdat Hy daarmee die uitspraak baie duidelik op die **tempel** (waaroor die rusie nou gaan!) wil betrek

Vers 8

En Hy het hom die verbond van die besnydenis gegee, en so het hy die vader van Isak geword, en so het hy die vader van Isak geword, en so het hy die vader van Isak geword, en so het hy die vader van Isak geword. (Handelinge 7:8 AFR53)

Let op die wending in Stéfanus se toespraak:

- Al die aankondigings tot op hierdie punt was herinneringe uit die geskiedenis wat bedoel het om Abraham te verneder.
- Nou verander die geskiedenis aangaande Abraham. Nou vertel Stéfanus hoe dit nou gebeur het dat die ou aartsvader verheerlik geraak het.

Weereens:

- Geen werke of persoonlike bekwaamheid is ter sprake nie.
- Selfs met die eer van die verbond in gedagte moet die Sanhedrin onthou dat dit net genade alleen is.
 - Die verbond wat deur God ingestel is, het nie berus op enige loon wat Abraham verdien het met geloofswerke nie – al sy geloofswerke tot in daardie stadium het skipbreuk gely.
 - God het die verbond suiwer en alleen op sterkte van sy soewereine genade met Abraham gesluit.

Die besnydenis was vir die Jode ook 'n baie belangrike ding.

- Dit het vir hulle in 'n sekere sin bo die verbond gestaan, want dit het hulle onderskei van die ander volke – dis natuurlik verkeerd!
- Die waarheid is dat die verbond die belangrike saak is.
- Die besnydenis is maar net 'n teken dat God die verbond met die betrokke persoon gesluit het.

Die besnydenis was nie 'n bewys daarvan dat Abraham beter was as die heidene nie. Dit was 'n "ereteken" wat hy gedra het dat daar baie onbesnedenes sou wees wat deur die Here regverdig verklaar sou word. Dit is waarom die Romeinebrief die volgende skryf:

En hy het die teken van die besnydenis ontvang as 'n seël van die geregtigheid van die geloof toe hy nog nie besny was nie; dat hy die vader sou wees van almal wat glo terwyl hulle onbesnede is, sodat ook aan hulle die geregtigheid toegerekensou word; (Romeine 4:11 AFR53)

Wat was die boodskap wat Stéfanus hiermee aan die Sanhedrin gegee het? Dit:

- Abraham het eers die onsienlike gawe van die verbond by die Here gekry.
- Toe het hy die uiterlike dinge gekry – die belofte van die land en die belofte van nasate.

... en so het hy die vader van Isak geword. ...

Die woorde beteken dat dit die manier was hoe Isak in die prentjie gekom het:

- Eers was daar die roeping van die Here en die sluiting van die verbond (daarmee saam die onsienlike belofte van die nageslag).
- Toe volg die sigbare en die fisiese – Isak word gebore en hy word besny.

Die onsienlike saak (die verbond) word van toe af sigbaar uitgedruk aan die geslagte wat gevolg het:

- Soos wat Abraham Isak besny het,
- het Isak Jakob besny
- en het Jakob die twaalf aartsvaders besny.

Opsomming

Kom ons som Stéfanus se toespraak tot op die punt op, want dan kan die saak wat hy stel, baie duidelik uitstaan:

- Die Jode se eerste dwaling was dat hulle hulle voortreflikheid as die Here se uitverkore volk bo ander volke aards en verwaand in hulleself gesoek het.
- Die tweede dwaling was dat hulle die uitwendige heerlikheid/bekwaamheid altyd aan geestelike heerlikheid verbind het.
 - Dit was waarom hulle die Here Jesus verwerp het:
 - Hy moes eers uiterlike heerlikheid, byvoorbeeld koningskap, aanvaar het, voordat hulle Hom as Verlosser sou aanvaar.
 - Met ander woorde: die Here Jesus het in hulle oë nasionaal en kultureel geen heerlikheid/prestasie gehad nie.
 - Daarom kon Hy nie die beloofde Koning wees nie.

Stéfanus se toespraak toon uit die geskiedenis die volgende aan:

- * Dit was nog altyd die Here se manier van doen om te begin met geestelike dinge.
- * Van daar gaan die Here dan (soms baie tydsaam) verder na die dinge van sienlike heerlikheid toe.
 - o Dikwels gaan die pad deur vernedering (ontluistering).

Die bewys is die optrede van die Here met Abraham:

- * Dat God Abraham van niets tot iets geroep het.
- * Dat Hy hom van kinderloosheid laat groei het tot groot volke.
- * Dat hy die vader van die gelowiges word.

Wat is die punt wat Stéfanus maak?

God is God van heerlikheid.

- Hy laat die geestelike wêreld nie deur natuurlike dinge oorheers nie.
- Hy werk met 'n wet(te) wat bo die vuurmaakplek van 'n natuurlike verstand is.
- Daarom eindig sy Raad in 'n heerlikheid wat geen oor gesien het nie.
- Vergelyk die Heidelbergse Kategismus:

Vraag58: Wattertrooskep jy uit die artikel van die ewige lewe?

Antwoord: Dat, aangesien ek nou alreeds die begin van die ewige vreugde in my hart ervaar (a), ek na hierdie lewe volkome saligheid sal besit – 'n saligheid wat geen oog gesien, geen oor gehoor en in die hart van geen mens ooit opgekom het nie – om God daarin ewig te prys (b).

(a) 2 Kor 5:2, 3. (b) 1 Kor 2:9.

2. Die tweede deel van Israel se geskiedenis

Daarna begin Stéfanus aantoon dat in die tweede gedeelte van Israel se geskiedenis daar nog steeds hierdie konflik was tussen die wil van God en die wil van die Jode. Hy toon aan dat die geskiedenis van die Patriargale tydperk 'n stuk swart geskiedenis was.

Vers 9

En die aartsvaders was jaloers op Josef en het hom verkoop na Egipte toe; maar God was met hom (Handelinge 7:9 AFR53)

Die betoog toon in die gedeelte aan dat

- die **broeders en vaders** (vers 2)
 - en hierdie geslag van besnedenes – en so het hy die vader van Isak geword en hom op die agtste dag besny; en Isak het die vader van Jakob geword, en Jakob van die twaalf aartsvaders. (Handelinge 7:8 AFR53) – in hulle lewe glad nie enige bewys daarvan gelewer het dat hulle adel bo dié van ander volke uitgestaan het nie.

Daar is niks wat gewys het dat hulle van hulle Goddelike roeping bewus was en dat hulle dit uitgelewe het nie! Die punt is:

- Julle voorgeslagte was nie ligte in die wêreld– soos wat hulle moes gewees het nie!
- Julle voorsate het hulle selfs eerloos gemaak by die heidene.
- Julle het 'n slegte voorbeeld gekry by mense wat nie wou wees wat God van hulle verwag het om te wees nie!

Kyk hoe skeef het hierdie manne Genesis 3:15 toegepas!

En Ek sal vyandskap stel tussen jou en die vrou, en tussen jou saaden haar saad. Hy sal jou die kop vermorsel, en jy sal hom in die hakskeenbyt. (Genesis 3:15 AFR53)

- Pleks daarvan dat daar vyandskap tussen die vrou se saad en die slang se saad tot stand kom, kom daar vyandskap tussen die seuns in een huis – nogal 'n verbondshuis!
- Die eerloosheid van die saak kom veral uit in die feit dat die klomp aartsvaders teen Josef gedraai het oor sy deugde en oor sy besondere verhouding met die Here!
- Hierdie klomp besnede manne (die teken van die verbond!) kon die band tussen Josef en die Here nie verdra nie – soos wat dit tot uiting gekom het in sy drome.

Let op hoe Genesis se geskiedenis herhaal word!

- Kain slaan vir Abel dood omdat hy vroom was (vromer as Kain!).
- Josef se broers verkoop hom omdat hy vromer is as hulle!

... nie soos Kain wat uit die Bose was en sy broer doodgeslaan het nie. En waarom het hy hom doodgeslaan? Omdat sy werke boos was en dié van sy broer regverdig. (1 Johannes 3:12 AFR53)

(Wie sal kan raai dat Stéfanus besig is om die Sanhedrin daarop te wys dat hulle die Here Jesus – en nou ook vir hom – doodmaak omdat hulle vromer is as die Sanhedrin!?)

Toe die aartsvaders Josef verkoop het, het hulle hulle op 'n dierlike manier geopenbaar as vyande van iemand wat die heerlijkheid van God in hom dra – aldus Calvyn.

Dink aan die verskriklikheid van die oomblik:

- Die groot manne (Ruben was al veertig) sny alle gemeenskap met Josef radikaal af.
- Menslik gesien is dit nou oor en uit! – soos wat die Sanhedrin gedink het na die kruisiging van Jesus.
- Stéfanus openbaar dan die geweldige ironie wanneer mense hulle teen God vasloop!

Maar God was met hom!

God stel Hom nie aan die kant van die meerderheid of aan die kant van die getuies (die broers se stories aan hulle pa) nie.

- Die Here stel Hom aan die kant van die waarheid.
- Hy is aan die kant van die slaaf.

Dis waar dat die Here Josef ook aan lyding onderwerp het – want die Here het met hom ook 'n pad geloop.

- Josef moes ook gelouter word!
- Dit lees ons in Psalm 105:

Hy het 'n man voor hulle uit gestuur: Josef is as slaaf verkoop. Hulle het sy voete in boeie geknel, hy self het in die ysters gekom, tot op die tyd dat sy woord uitgekóm het, die woord van die Here hom beproef verklaar het. (Psalms 105:17-19 AFR53)

Hulle het hom verkoop vir twintig sikkels silwer!

En toe die Midianitiese koopmans verbykom, het hulle Josef uit die put uit opgetreken uitgehaal Josef aan die Ismaeliete verkoop vir twintig sikkels silwer. En hulle het Josef na Egipte gebring. (Genesis 37:28 AFR53)

Met Josef het die pad net vinnig uitgeloopt op heerlijkheid – omdat hy 'n verbondenheid met en gehoorsaamheid aan die Here gehad het. Dit is anders as wat dit met al die anderaartsvaders was!

Vers 10

en het hom uit al sy verdrukkinge verlossen hom guns en wysheid geskenk voor Farao, die koning van Egipte; en dié het hom goewerneur gemaak oor Egipte en oor sy hele huis. (Handelinge 7:10 AFR53)

... uit al sy verdrukkinge verlossen hom guns en wysheid geskenk voor Farao, die koning van Egipte.

- Die Here het hom ook die wysheid gegee om die bakker en die skinker se drome te verklaar – wat die pad oopgemaak het na Farao toe!
- Dit is dat die Here Josef genade gegee het dat Farao sy begaafdheid raakgesien het en hom in die ryk aangestel het in 'n hoë pos!

Uit hierdie openbaring moes die Sanhedrin verstaan dat die Here sy seën nie vasmaak aan die land Kanaän en aan die tempel nie.

- Die Here het Josef in 'n heidense land in 'n heidense tronk geseën.
- Die heidene het die voordeel getrek uit die man wat deur die aartsvaders in afguns verwerp is.
- Daarby het die heidene met respek gewerk met 'n man vol genade wat deur Abraham se nasate verwerp is!

Vers 11

En 'n hongersnood groot benoudheid het oor die hele Egiptelande Kanaän gekom, en ons vaders kon geen voedsel kry nie. (Handelinge 7:11 AFR53)

Die Here het toe gesorg dat die klomp aartsvaders begin verstaan het dat Hy aan die kant van die een verwerpte man was. Die Here het hulle deur hartseer en skande tot hierdie insigte gelei.

Dit het gebeur toe die Here 'n hongersnood beskik het wat die hele destydse wêreld getref het.

- Die Here sê die manne het baie benoudheid deurgemaak!
- Hulle kon nêrens kos in die hande kry nie!

Vers 12

En toe Jakob hoor dat daar koring in Egipte was, het hy ons vaders die eerste keer uitgestuur. (Handelinge 7:12 AFR53)

In hierdie vertelling van Stéfanus lê daar baie fyn spot:

- Die verkoopte Josef sit toe op 'n troon en wag vir die klomp wat hom verkoop het! *(Die Here Jesus sit op sy troone en wag vir julle spul hier in die Sanhedrin wat Hom laat kruisig het!)*
- Josef het genoeg kos – maar die manne wat hom verkoop het is benoud en gestres, want hulle het nie kos

nie.

- *Trouens— hulle het geen versienheid gehad nie, want hulle het niks kos by mekaar gemaak in die jare van oorvloed nie!*

Die ironie is verder dat die man wat hulle by hulle pa gaan dood verklaar het juis die man is wat hulle van die dood red!

- Die diepere saak is dat die Here daarop wys dat die draers van die verbond voor die heidene moes gaan kruip omdat hulle die genade van die verbond met hulle verwerp het!
- Let daarop dat die Here nie haastig is om mense wat in sonde geval het dadelik te seën nie! Hulle moet eers hulle bekering bewys!
 - Dit was met Abraham ook so dat die Here eers later sy beloftes aan hom vervul het.
 - Daarom openbaar die Here ook nie sy voorbereidingswerk met Josef vir hulle met die eerste besoek van die aartsvaders nie.

Vers 13

En die tweede keer is Josef deur sy broers herken, en die afkoms van Josef het aan Faraobekendgeword. (Handelinge 7:13 AFR53)

Tydens hulle tweede besoek laat God die dramatiese onthulling gebeur!

- Daar staan die groot manne verleë!
- Hulle weldoener staan voor hulle met al die mag in sy hande – die rolle is dus nou omgeruil.
- Eenkeer was daar 'n jong seun wat hulle gesmeek het vir genade, maar hulle was genadeloos.
- Nou smee hulle voor dieselfde seun (wat intussen 'n man en 'n koning geword het) vir genade. En is hulle angs nie groot nie!

Hulle het hulle vergis met God en met die man wat in diens van God is!

- Die Here vergeet nie die wat Hom dien nie (Josef/Jesus/Stéfanus)
- Maar die Here vergeet ook nie die misdade wat gepleeg word nie (die broers/die Sanhedrin!)

Vers 14

Toe het Josef gestuure sy vader Jakob laat roepen sy hele familie, vyf en sewentig siele. (Handelinge 7:14 AFR53)

Die stuk geskiedenis wat Stéfanus hier in een enkele sin opsom, word in Genesis 46:8-27 beskryf. Daar is 'n opsomming van wie almal na Egipte toe opgetrek het.

In die opsomming is daar merkwaardige dinge om van kennis te neem.

- In Genesis word die getal mense aangegee as sewentig.

En die seuns van Josef wat vir hom in Egipte gebore is, was twee siele. Al die siele van die huis van Jakob wat in Egipte gekom het, was sewentig. (Genesis 46:27 AFR53)

- Stéfanus verskil van die getal. Hy sê dit was vyf en sewentig!

Vraag: *Het Stéfanus dan nie sy Bybel gekennie?*

Stéfanus het.

- Hy haal net nie die Hebreeuse teks aan nie.
- Hy haal die Septuagint (Griekse teks) aan.

Daardie teks noem vyf seuns en kleinseuns van Efraim en Manasse ook nog by!

- Waarom noem die Hebraëuse teks hulle nie? Omdat Josef en sy familie toe reeds in Egipte was!
- Let verder daarop dat daar vir Benjamin (wat toe nog baie jonk was!) tien seuns getel word.
 - As ons dit vergelyk met Numeri 26:38-40 word dit duidelik dat twee van die tien eintlik kleinseuns van Benjamin was!

Die seuns van Benjamin volgens hulle geslagte: van Bela die geslag van die Baliëte; van Asbel die geslag van die Asbeliëte; van Ahiрам die geslag van die Ahiрамiëte; van Sefufam die geslag van die Sufamiëte; van Hufam die geslag van die Hufamiëte. En die seuns van Bela was: Arden Naäman; van Ard die geslag van die Ardiete; van Naämandie geslag van die Naämiëte. (Numeri 26:38-40 AFR53)

- Hierdie kinders is dus eers in Egipte gebore – hulle moeders was dus moontlik swanger met hulle.

Wat maak ons nou met die kontrasterende getalle?

Onthou die een uiters belangrike beginsel:

- Vir ons Westerlinge is getallepresiesheid baie belangrik.
- Vir die Oosterling was dit glad nie belangrik nie – hulle het baie keer hulle getalsberekeninge afgerond na getalle wat vir hulle simboliese betekenis gehad het.

So iets laat ons nie aan die Bybel twyfel nie.

- ***Dit leer ons net hoe om die Bybel te lees!***
- ***Die Here vestig nie die aandag op die bysake (getalle soos deur 'n ander kultuur verstaan) nie, maar op die grootheid van sy beskerming!***

Vers 15, 16

En Jakob het afgetrek na Egipte en daar gesterwe, hy en ons vaders. En hulle is oorgebring na Sigem weggeleë in die graf wat Abraham vir 'n som geld gekoop het van die seuns van Hemor, die vader van Sigem. (Handelinge 7:15-16 AFR53)

Van alles wat na die intog in Egipte gebeur het, praat Stéfanus niks.

- Die dood neem al die aartsvaders weg.
- Maar God laat die trou van sy verbond duidelik geopenbaar bly (want dit gaan nog die hele tyd oor die geestelike besit wat God toeken in die Verbond).
- Hy sien toe dat hulle almal in Sigem begrawe word in die graf wat Jakob gekoop het.

Ridderbos wys daarop dat Stéfanus se geheue hom hier in die steek gelaat het – waarskynlik omdat hy geweet het van die doodsvonnis wat oor hom voltrek gaan word. Stéfanus maak twee feite deurmekaar:

- *Abraham het die spelonk van Magpelagekoop – Genesis 50:13:*

sy seuns het hom weggebring na die land Kanaän en hom begrawe in die spelonk van die stuk grond van Magpéla, die stuk grond wat Abraham as eiendomsgraf gekoop het van Efron, die Hetiet, oos van Mamre. (Genesis 50:13 AFR53)

- Jakob het die stuk grond by die seuns van Hemor (die vader van Sigem) gekoop – Genesis 33:19:

En Jakob het behoue aangekom by die stad Sigem wat in die land Kanaän is, toe hy van Paddan-Aram gekom het – hy het sy laer voor die stad opgeslaan en die stuk grond gekoop waar hy sy tent opgeslaan het, van die seuns van Hemor, die vader van Sigem, vir honderd geldstukke. (Genesis 33:18-19 AFR53)

- *Stéfanus sê Abraham het die grond gekoop by die seuns van Hemor.*

Wat is in hierdie gedeelte van Stéfanus se toespraak belangrik?

Hy hanteer die swaard van die Heilige Gees. Israel word ontmasker.

- Die voorsate het gesondig –
 - In die eerste plek teen Josef
 - Maar daarmee saam ook teen die Heilige Gees,
 - want die Heilige Gees het ook in Josef gewoon
 - en hom deur sy lewe gelei as kind van God.

Die Sanhedrin het natuurlik die saak self deurgetrek na hulle toe!

- Hulle het verstaan dat hulle iemand wat meer is as Josef net so gehaat het soos wat die broers Josef gehaat het – Jesus.
- Hulle het Hom net so gehaat en oorgelewer aan die heidene.
- Jesus was met die Heilige Gees gesalf – hulle het dus die Heilige Gees weerstaan!

Die geskiedenis het hom dus herhaal –

- van Israel se kant af (verwerping),
- maar ook van die Here se kant af (verhoging)!

Die Here het die volgende gedoen:

- Net soos wat die Here Josef uit die dieptes verhoog en gekroon het,
- het Hy Jesus ook verhoog en gekroon.
- Soos wat Josef die beskikker was van die reddende brood,
- is Jesus die magtige Uitdeler van die lewende brood.

Vers 17

En namatedie tyd van die belofte wat Godaan Abrahammet 'n eed beloof het, nader kom, het die volk toegeneemen vermeerderin Egipte, (Handelinge 7:17 AFR53)

Wat het Israel in die heidenland oorgekom?

Die vermeerdering van die volk is die vervulling van God se verbondsbelofte

En Eksal jou buitengewoonvrugbaarmaak: Ek sal jou tot nasies maak, en konings sal uit jou voortkom. (Genesis 17:6 AFR53)

Vers 18

totdat daar 'n ander koning opgestaan het wat nie vir Josef geken het nie. (Handelinge 7:18 AFR53)

Die groei onder die volk het natuurlik 'n plafon bereik.

- Daar het met verloop van die tyd 'n ander koning op die troon beland.
- Hy was glad nie so entoesiasies oor die vreemde volk hier in sy land nie – en veral was hy niks bei"ndruk met die getalle waarmee hulle aangewas het nie!

Net daar verdwyn die bemoedigende verskynsel dat die nageslag van Abraham besig is om te vermeerder dat hulle word soos die sand van die see! Ons lees van die belofte in Genesis.

... dat Ek jou ryklik sal seënen jou nageslag grootliks sal vermeerdersoos die sterre van die hemelen soos die sand wat aan die seestrand is; en jou nageslag sal die poort van sy vyande in besit neem. (Genesis 22:17 AFR53)

- Meteens sak die donker weer oor hulle toe met die nuwe koning wat hulle onmiddellik 'n slawevolke maak.

Vers 19

Hy het listig met ons geslagte werk gegaan en ons vaders mishandel deur hulle te verplig om hul kindertjies weg te gooi, sodat hulle nie in die lewe behou kon word nie. (Handelinge 7:19 AFR53)

Die nuwe Farao was skelm (listig). Sy manier waarop hy die Israeliete verslaaf het, was oneerlik.

God is selfs sonder die aanbidding van Israel steeds en ewig God van heerlijkheid.

- Sy heerlijkheid lê ook in sy vrymagtigheid om te doen wat Hy wil en soos Hy wil.
- God gee geen rede waarom Hy presies die teenoorgestelde doen as wat die Israeliete verwag het nie.
 - Hulle het heerlijkheid en beskerming verwag – die uitvoering van sy liefdesraad – want hulle is die Here se verbondsvolk.
 - Sonder opgawe van enige rede keer Hy die orde om –
 - In plaas daarvan dat hulle heers oor die heidene
 - laat die Here die heidene **listig** oor hulle regeer en hulle **mishandel**
 - Anders gesê: Die **saad van die slang** gooi die **saad van die vrou** vir die krokodille in die Nyl!

Wat is die kwessie wat Stéfanus hier aanspreek?

- Beveilig die besnydenis die jong kindertjies van die dood?
- Het die volk enige voordeel (fisiese beskerming) aan die uiterlike tekens van die verbond?

Die antwoord is: Nee!

Vers 20

In dié tyd is Moses gebore, en hy was wonderlik mooi. Drie maandelank is hy in die huis van sy vader versorg;
(Handelinge 7:20 AFR53)

Op 'n tydstip toe die hele volk menslik gedink het dat daar geen uitkoms is nie, beskik die Here met sy oppermagtige bestuur dat daar wel uitkoms kom.

Moses word gebore.

Die kind Moses het 'n besondere voorkoms: Hy was wonderlik mooi. Met dié woorde word die besonderheid en uitmuntendheid van die man beskryf soos wat dit later tot openbaring sou kom in sy lewe:

- Hy was fisies 'n mooi mens.
- Hy het 'n mooi persoonlikheid gehad.
- Hy het 'n baie groot verstand gehad.
- Hy het 'n besondere verhouding met God gehad.

Let op:

- Die feit dat die Here duidelik vermeld dat die kindjie se voorkoms by geboorte al so besonders was, dui daarop dat die Jode dit ook gesien het en geweet het.
- Die storie moes dus vinnig onder hulle versprei het dat daar 'n besondere kind gebore is – 'n kind waarop hulle hulle hoop kon vestig

Stéfanus sinspeel weer op die uiterlike dinge soos die Jode van sy tyd dit gesien en verstaan het. Volgens die siening van sy tyd moes so 'n mooi baba die reg hê op uiterlike voorspoed.

- Ja! Net vir drie maande!
- Toe moes hierdie kindjie ook maar soos al die ander sy koers kry na die Nyl toe!
- Sy ma moet hom weggooi – sy sit hom in 'n mandjie tussen die riete aan die kant van die die Nyl (Eksodus 2:3).
- Daar is hy dus ook vir die Israeliete verlore.

Vraag: *Waarom word die kind sommerkou onder hulle uit weggeneem?*

- Omdat die Here wil hê dat hulle hulle hoop op God moet vestig.
- Bepaald dan die genade van die Here!
- Dit het hulle toe ook gedoen.

En in daardie langtyd het die koning van Egipte gesterwe. En die kinders van Israel het gesugen gewee klaag van weë die slawerny. En hulle geroep om hulp oor hulle slawerny het opgeklim tot God. (Eksodus 2:23 AFR53)

Vers 21

en toe hy weggegooi is, het Faraose dogter hom opgeneem en hom as haar seun grootgemaak. (Handelinge 7:21 AFR53)

Moses se ouers (Amram en Jogébed – sy was Amram se tante) kon nie sy lewe red nie – ook nie die Israëliete wat gesien het dat hy **wonderlik mooi** is nie.

- Tog red God Moses se lewe.
- Dit gebeur op so 'n manier dat Israel se eer in die slag bly (oënskynlik). Die kind van hulle hoop is in die hande van 'n heidin.
 - Fisies is Moses deur die Egiptiese vrou aangeneem.
 - Fisies (en geestelik?) was sy opvoeding ook in haar hande.
- Die Egiptiese koningin maak van die nasaat (reeds besny!) van Abraham 'n Egiptenaar.

Vers 22

En Moses is opgelei in al die wysheid van die Egiptenaars en was magtig in woorde en daede. (Handelinge 7:22 AFR53)

Stéfanus onderstreep hier die feit dat Moses in sy uiterlike 'n Egiptenaar gemaak is helder en duidelik.

Uit die buite-Bybelse gegewens weet ons die volgende:

- Hierdie soort van opleiding is in ou Egipte gewoonlik vir die toekomstige priesters gegee.
- Die *universiteit* waar hulle hulle opleiding gekry het, was in die Heliopolis (vertaal: Sonstad).
- Hier in die Heliopolis is hulle opgelei in
 - die heidense godeleer,
 - die medisyne,
 - die regte,
 - wiskunde,
 - sterrekunde en
 - wêreldgeskiedenis.

Wat is Stéfanus se punt?

- Uiterlik lyk dit asof die Here Moses weglei van sy volk af – reg in die heidendom in.
- Weereens is die uiterlike anders as die werklikheid.
 - Die heerlijkheid van God onderrig sy kneg vir sy toekomstige taak.
 - Maar innerlik het Moses nooit van sy volk losgeraak nie.
 - Die heidene moet die man vir die Here bewapen – sodat hierdie man op God se tyd die slawevolke kan bevry!

Vers 23

En nadat hy die ouderdom van veertig jaar bereik het, het dit in sy hart opgekom om sy broers, die kinders van Israel, te besoek; (Handelinge 7:23 AFR53)

Calvyn maak die opmerking dat as Moses in 'n geestelike slaap verval het in die paleis van Farao, die Heilige Gees hom inderdaad betyds uit sy drome wakker gemaak het.

- Die Gees van God maak dit in Moses wakker om
 - sy volk te beskerm
 - en hulle onreg te wreek.

Vers 24

en toe hy sien dat iemand onreg aangedoen word, het hy hom verdedigen die man wat mishandel was, gewreek deur die Egiptenaarte verslaan. (Handelinge 7:24 AFR53)

- As ons die geskiedenis van Moses met 'n profane oog lees, lyk dit asof hy die Egiptenaar in 'n oomblik van onbeheersde woede doodgeslaan het.
- Maar lees ons dit uit die oogpunt van God se openbaring (Stéfanus se toespraak) dan sien ons dat Moses as God se gesant opgetree het.

Vraag Watter doel wil die Here bereik?

Die Here openbaar sy wil met Moses aan die Israeliete. Hulle moet weet (en emosioneel aanvoel) dat God Moses as hulle beskermers beskik.

Verstaan hulle dit?

- *Nee. Hulle kon nie deur die uiterlike in die geesteswêreld dink nie (die Sanhedrin is nog so!).*
- *Die volk het dus destyds die inwerkingen van die openbaring van die Heilige Geeste eggestaan.*

Vers 25

En hy het gedink dat sy broers sou verstaan dat God hulle deur sy handreddingsou gee; maar hulle het dit nie verstaan nie. (Handelinge 7:25 AFR53)

Op hierdie stadium het Moses al geweet dat die Here hom bestem het om sy volk te verlos. Maar die volk kon dit nog nie sien nie.

Vraag: *Het hulle hom dalk gewantou omdat hy (nog) aan die hof van Farao verbind was – soos wat die Christene aan die begin ook nie vir Paulus wou vertrou nie omdat hy die Christene vervolghet en hulle nie seker was waar hy gestaan het nie!?*

Die wantroue van die volk was dus gebore uit onverstaan – want hulle harte het die Gees van die Here weerstaan.

- As gevolg van hulle weerstandigheid teen die raad van die Here, het die klomp Israeliete self 'n groot katastrofe veroorsaak.
- Dit het vir hulle uitloop op dieselfde tragiek as waarop die Jode se geskiedenis uitloop het toe hulle die Messias verwerp het!

Vers 26

En die volgende dag het hy by hulle verskyn terwyl hulle besig was om te veg, en hy het by hulle aangedring om vrede te maaken gesê: Manne, julle is broers; waarom doen julle mekaar onregaan? (Handelinge 7:26 AFR53)

Apologeties kom Stéfanus nou by die hoofbestanddeel van sy preek.

- Dit is vir die hoë lede van die Sanhedrin onaangenaam om in die openbaar herinner te word aan die gevegte wat daar in hulle volk was – broedertwiste wat onder Jode onderling gebeur het.
- Dit was die soort ding waarvoor nie in die openbaar gepraat is nie.

Hulle word daaraan herinner dat dit eie is aan die Joodse volk om mekaar oneer en onreg aan te doen.

- Die stuk geskiedenis is dus 'n onvleiende spieël vir die Sanhedrin waarin hulle moet kyk om hulleself te sien.
- Die kinders van Abraham veg nie teen die vyande van die Here nie – hulle veg met mekaar.

- *Ergernog – hulle veg met die man wat gekom het om hulle te verlos!*

*Terloops: Let op dat die woorde: **Manne, julle is broers** nie in die Ou-Testamentiese weergawe van die verhaal voorkom nie.*

Vers 27, 28

Maar hy wat sy naaste onreg aangedoen het, het hom afgestooten gesê: Wie het jou as 'n owersteen regter oor ons aangestel? Jy wil my tog nie doodmaak soos jy gister die Egiptenaar doodgemaak het nie? (Handelinge 7:27-28 AFR53)

Opstand en revolusie teen God se beplanning – en dus ook teen die mense wat Hy gebruik – was inderdaad nog altyd in die are van die Israeliete! In hulle booslike manier van dink en doen, keer die Israeliete die waarheid om sy loop te neem. Hulle keer dit eintlik om!

Dit laat mens dink aan wat die apostel Johannes eenkeer geskryf het:

Want elkeen wat kwaaddoen, haat die lig en kom nie na die lig nie, dat sy werke nie bestraf mag word nie. (Johannes 3:20 AFR53)

Meteens is hulle die regters oor Moses.

- Hulle dreig hom met die moord wat hy gepleeg het – en uiteraard ook om hom te gaan aankla by die owerheid!
- NB Juis die owerheid wat hulle onderdruk, moet die man wat hulle kan/wil verlos, vernietig.

Vers 29

En Moses het op hierdie woord gevlugen 'n bywoner geword in die land Midian, waar hy die vader van twee seuns geword het. (Handelinge 7:29 AFR53)

Kom ons vergelyk Stéfanus se weergawe van die gebeure met die openbaring soos dit in Eksodus opgeteken is:

En hy antwoord: Wie het jou as owersteen regter oor ons aangestel? Dink jy om my dood te slaan soos jy die Egiptenaar omgebring het? En Moses het gevreesen gesê: Waarlik, die saak het bekend geword! En toe Faraó van dié saak hoor, het hy probeer om Moses dood te maak. Maar Moses het van Faraó af weggevlugen in die land Midian gaan woon. En hy het by 'n put gesit. (Eksodus 2:14-15 AFR53)

Die feit is net dat Moses van die Faraó af weggevlug het.

- Die afleiding wat meestal gemaak word, is dat Moses gevlug het omdat hy bang was vir die Faraó.
- Is die afleiding reg?

Vraag: *Sou Moses die Faraó nog steeds gevrees het as sy volk sy optrede verstaan het?*

As sy volk agter hom gestaan het, sou die saak heeltemal anders verloop het. Dit word duidelik wanneer ons Hebreërs 11:27 lees:

Deur die geloof het hy Egipte verlaat sonder om die toorn van die koning te vrees, want hy het volgehous oos een wat die Onsienlikesien. (Hebreërs 11:27 AFR53)

Uit hierdie gedeelte word dit meteens duidelik dat Moses nie van die Faraó af weggevlug het omdat hy vir die Faraó bang was nie.

- Hy het van sy volk af weggevlug, want hulle het hom verwerp.
- Later, wanneer die volk se gesindheid verander het, kom hy terug en gaan staan voor die Faraó!
- Dan is dit duidelik dat hy nie vir die Faraó bang is nie – en ook dat die Faraó niks aan hom kan doen nie!

Moses het nie sy volk verstoot nie.

- Hulle het hom verstoot en vervreem – en sy ballingskap veroorsaak.
- Die pyn wat die man moes deurmaak oor sy volk se dwaasheid het lank geduur: Dit het aangehou tot nadat hy twee seuns verwek het.

Die volk se oordeel was verkeerd.

- Hulle sien hom as 'n Egiptenaar wat hulle bedreig – omdat hulle nie hulle eie ongeregtigheid kan raaksien en erken nie.
- Hulle het (in hulle verwaandheid) net teen die uiterlike vasgekyk, want die Here openbaar dat die feit iets anders was.
- Die binnekant van die saak het so gelyk:

Deur die geloof het Moses, toe hy grootgeword het, geweier om die seun van Farao se dogter genoemte word, omdat hy verkies het om lievers leg behandel te word saam met die volk van God as om 'n tyd lank die genot van die sondete hê, (Hebreërs 11:24-25 AFR53)

Soos wat dit gaan as die Here sy hand terugtrek oor jou sondes, het die Israeliete net hulle eie lyding verleng toe hulle Moses verwerp het. Die mens wat hom teen God se raad verset, is dus net mooi sy eie vyand.

Vers 30

En toe veertig jaar verby was, het 'n Engel van die Here aan hom verskyn in die woestyn van die berg Sinai, in die vuurvlam van 'n doringbos. (Handelinge 7:30 AFR53)

Menslik gesien, het die Israeliete hulle eie hoop en hulle eie toekoms vernietig.

- Hulle is 'n volk wat (verder/steeds/langer) in slawerny vasgevang sit.
- Moses – hulle verlosser – pas baie ver daarvandaan af skape op vir Rehuél/Jetro.

Waar is God?

- Hy is op sy troon van waar Hy regeer soos dit Hom behaag.
- Daarom besluit Hy wanneer sy tyd reg is om weer met die Israeliete te werk.
- Hy verskyn aan Moses as die Engel van die Here.

Die Engel van die Here is nie dieselfde as 'n engel van die Here nie.

Wanneer die Bybel praat van 'n engel van die Here, kan dit enigeen van die geskape engele wees.

En toe hulle teruggegaan het, verskyndaar 'n engel van die Here in 'n droom aan Josef en sê: Staan op, neem die Kindjie en sy moeder en vlug na Egipte, en bly daar totdat ek jou sê; want Herodes gaan die Kindjie soek om Hom dood te maak. (Matteus 2:13 AFR53)

En daar kom 'n groot aardbewing, want 'n engel van die Here het uit die hemel neergedaal en gekom die steen van die opening weggerol en daaropgaan sit. (Matteus 28:2 AFR53)

Toe verskyndaar aan hom 'n engel van die Here, wat aan die regterkant van die reukofferaltaar staan. (Lukas 1:11 AFR53)

Maar 'n engel van die Here het in die nag die deure van die gevangenis oopgemaak en hulle uitgelei en gesê: (Handelinge 5:19 AFR53)

En onmiddellik het 'n engel van die Here hom getref, omdat hy die eer nie aan God gegee het nie; en hy is deur wurms verteeren het gesterwe. (Handelinge 12:23 AFR53)

Wanneer die Bybel praat van **die Engel van die Here** bedoel dit elke keer dat dit 'n verskyning van God self is.

Verder sê die Engel van die Here vir haar: Ek sal jou nageslag grootliks vermeerder, sodat dit van weë die menigte nie getel

kan word nie. (Genesis 16:10 AFR53)

Maar die Engel van die Here het na hom van die hemel af geroepen gesê: Abraham, Abraham! En hy antwoord: Hier is ek! (Genesis 22:11 AFR53)

Daarop verskyn die Engel van die Here aan hom in 'n vuurvlam uit 'n doringbos. En toe hy weer sien, brand die doringbos in die vuur, maar die doringbos word nie verteernie! (Eksodus 3:2 AFR53)

Toe Dawid sy oë opslaan, sien hy die engel van die Here staant tussen die aarde en die hemel met sy ontbloteswaard in sy handoor Jerusalem uitgestrek. Daarop val Dawid en die oudstes, met rouklere bedek, op hulle aangesig. (1 Kronieke 21:16 AFR53)

Daarop het hulle die Engel van die Here, wat tussen die mirte bome gestaan het, toegespreken gesê: Ons het die aarde deurkruis, en kyk, die ganse aarde is stil en rustig. (Sagaria 1:11 AFR53)

Toetrek die Engel van die Here van Gilgal op na Bogim en sê: Ek het julle uit Egipteland laat optreken julle gebring in die land wat Ek julle vaders met 'n eed beloof het, en gesê: Ek sal my verbond met julle in ewigheid nie verbreek nie; (Rigters 2:1 AFR53)

Manóag sê aan die Engel van die Here: Laat ons U tog ophou, dat ons 'n bokkie vir U kan berei. En die Engel van die Here antwoord Manóag: Al hou jy my op, Ek sal nie van jou brood eet nie; maar as jy 'n brandoffer wil berei, offer dit dan aan die Here. Want Manóag het nie geweet dat dit die Engel van die Here was nie. Daarop vra Manóag die Engel van die Here: Wat is u naam, dat ons U kan vereer as u woord uitkom? En die Engel van die Here sê vir hom: Waarom vra jy dan na my naam terwyl hy wonderbaar is? Toe neem Manóag die bokkie en die spysoffer en offer dit op die rots aan die Here terwyl Hy wonderbaarlik handel voor die oë van Manóag en sy vrou: toe die vlam van die altaar opstyg na bo, het die Engel van die Here in die vlam van die altaar opgevaar; en Manóag en sy vrou het dit gesien en met hulle aangesig op die grond geval. (Rigters 13:15-20 AFR53)

Ons weet van die Engel van die Here die volgende:

- Hy is God self.
- Hy is ongeskape.
- Hy is die Hoof van die engelemagte.
- Hy is altyd besig met Middelaarswerk.

Ons weet van die Here Jesus presies dieselfde dinge. Daarom glo/aanvaar ons dat die Engel van die Here die Here Jesus Christus in sy Ou-Testamentiese gestalte is ("de Eeuwige Zoon Gods, de Heere zelf" – so leer die kantaantekeninge van die Statebybel)

Die Engel van die Here verskyn in 'n bos wat brand. Waarskynlik is die bos wat brand 'n dubbele simbool:

- Dis die simbool van Israel wat in die vuur van die Egiptiese tirannie vasgevang sit.
- Maar dit is ook die simbool van die vuur van die toorn van God wat brand oor die Kneg van die Here op Golgota

Vers 31

En Moses het dit gesien en homoor die gesig verwonder; en toe hy daarheen gaan om dit te besien, het die stem van die Here tot hom gekom: (Handelinge 7:31 AFR53)

Moses het die "sienlike" van die openbaring nie verstaan nie.

- Die boodskap is dieselfde: die uiterlike is bloot simbool van die geestelike!
- Die verborgenheid lê in dit wat onnatuurlik is! In die irrasionele.

Toe Moses nadergaan om ondersoek in te stel, het die Here sy onverstaan tot hulp gekom.

- Die Here het met hom gepraat.

- Die stem van die Here is meer as die simbool in die bos wat brand!

Vers 32

Ek is die God van jou vaders, die God van Abrahamen die God van Isaken die God van Jakob. En Moses het begin bewe en nie gewaag om dit te bekynie. (Handelinge 7:32 AFR53)

Die stem wat met Moses gepraat het, was meer as net die geluid van iemand se stem.

- Die stem was God self.
- Die Gesant (die Engel van die Here) is die Sender (die Here self).

Die Here kondig Homself aan as die God van die geskiedenis. Deur 'n paar name te noem, vat die Here sy raad oor 'n hele klomp jare saam. Hy is die God van Moses se vaders:

- Die God van Abraham – dit verwys na die roeping uit Ur en dit wat daarna gebeur het.
- Die God van Isak – die volgende geslag se geskiedenis lê in die Naam.
- Die God van Jakob – dis die man onder wie se vaderskap die hele gesin in Egipte beland het waar hulle nou slawe is.

Die drie Name vat die tydperk van die geskiedenis van vernedering saam.

Die Here steur Hom min aan vernedering, want sy liefde werk anders as mense s'n.

Daarom skaam God Hom nie vir hulle om hulle God genoemde word nie, want Hy het vir hulle 'n stad berei. (Hebreeërs 11:16 AFR53)

Let ook op dat die beskrywing van wie God is, daarvan uitgaan dat die aartsvaders nie dood is nie!

- Hulle lewe (by God!).
- Daarom **is** Hy hulle God (hulle lewe nog).
- Hy **was** nie hulle God nie (hulle is al dood).

Ek is die God van Abrahamen die God van Isaken die God van Jakob? God is nie 'n God van dooies nie, maar van lewendes. (Matteus 22:32 AFR53)

Kyk hoe reageer Moses op dié openbaring. Hy bewe en ondersoek die bos nie verder nie.

- Sy vrees vir die Here laat hom ook die afstand tussen hom en die Here besef.
- Sy vrees bewerk by hom ootmoed.

Die Here moedig hierdie ootmoed en versigtigheid aan!

Vers 33

Toesê die Here vir hom: Trek die skoene van jou voete af, want die plek waarop jy staan, is heilige grond. (Handelinge 7:33 AFR53)

Dié gedeelte van Stéfanus se preek is van groot belang.

- Onthou dat die getuies wat teen hom opgetree het, getuig het dat hy laster teen hierdie heilige plek.

En hulle het valse getuies laat optree om te sê: Dié man hou nie op om lasterlike dingete praat teen hierdie heilige plekke die wet nie. (Handelinge 6:13 AFR53)

Vrae

Weet die Sanhedrinen die valse getuies wat en hoe is 'n heilige plek? Is die tempel heilig omdat dit 'n tempel is?

Die antwoord is: Nee!

- Die tempel is nie sonder meer heilig nie.
- 'n Plek is net heilig wanneer die Here self daar teenwoordig is!
 - Sonder die Here is die tempel 'n woestyn
 - Maar met God is die woestyn 'n tempel!

Daardie stukkie wildernis waar die doringstruik gegroei het, was so heilig dat Moses sy skoene moes uittrek!

- God was daar teenwoordig – God het met Moses gepraat!
- Vir die ongelowige se oog is dit 'n gewone barre stuk woestynveld met doringstruie hier en daar.
- Vir die wat die onsienlike kan sien, is die volgende duidelik:
 - Van hierdie stukkie heilige grond af gebeur die verlossing van die verslaafde volk.
 - Want van hier af stuur God iemand – 'n verlosser – na hulle toe wat in die ellende sit.

Vers 34

Ek het duidelik gesien die mishandeling van my volk wat in Egipte is, en hulle gesuggehooren neergedaal om hulle te verlos. En nou, kom hier, Ek wil jou na Egiptestuur. (Handelinge 7:34 AFR53)

God is 'n God van genade.

- Hier staan geskryf dat die Here **baie duidelik gesien het** hoe sy volk mishandel word.
- Saam met die feit dat die Here **gesien** het, het Hy ook **gehoor**!
- Die Here neem dus ten volle waar. Hy sien en hoor – dus weet Hy presies wat daar besig is om te gebeur.

Die Here is 'n God van genade. Noudat die volk hulle verlossing by Hom soek, sal Hy hulle help. Hy gaan genade bewys aan die verdruktes wat bid terwyl hulle so swaarkry.

- Deel van sy genade is die verhoring van gebede.
- Wanneer Hy gebede verhoor, gaan die Here oor tot die daad. Hy maak die verhoring waar.

Die waarmaking het twee bene: Die een is die Here se daad en die tweede een is die mens se daad as hy die opdrag van die Here uitvoer.

- Die Here sê **Hy het neergedaal om hulle te verlos.**
- Daarna kry Moses sy opdrag: **Ek wil jou na Egiptestuur.**

Vers 35

Hierdie Moses wat hulle verloën het deur te sê: Wie het jou aangestelas 'n owersteen regter? — hom het God as owerste en verlosser gestuur deur die hand van die Engel wat aan hom verskyn het in die doringbos. (Handelinge 7:35 AFR53)

Stéfanus beklemtoon Moses: **Hierdie Moses**

Stéfanus beklemtoon die krag en die ellendes van verkiesing!

- Die Israeliete het Moses verwerp! (nie verkies nie!) - **wie het jou aangestelas owersteen as regter?**
 - Vir Israel is hy 'n skande
- Vir Moses loop die verwerping uit op eer! — **hom het God as owersteen verlosser gestuur deur die hand van die Engel wat aan hom verskyn het in die doringbos**
 - Vir God is hy juis die owerste en regter wat die volk moet uitlei.

Die Here stuur die verworpe vlugteling terug.

- Maar nou het hy die volmag van God - hy is dus nou inderdaad 'n owerste.
- Die Israeliete verwerp hom as regter - die Here stuur hom terug as verlosser.

Die gesant van die Engel van die Here is toe met sy **lasbrief** (nie op skrif nie maar in Woord) terug Egipte toe.

- Daar het hy opgetree met mag majesteit en met wysheid.
- Elke keer met God se mag majesteit en wysheid, want hy het net die woorde en die wonders van God oorgedra.

Vers 36

Hy het hulle uitgeleien wonders en tekens in Egiptelanden in die Rooi See en die woestyn gedoen, veertig jaar lank (Handelinge 7:36 AFR53)

So het die Here in sy genade hulle verlos wat die verlosser weggejaag het en in wantroue gevra het wie hom as owerste en regter aangestel het.

- Die Here het hom (die weggejaagde) laat wonders en tekens doen in Egipteland.
- Natuurlik het hy self nie die tekens gedoen nie - dit was God wat dit gedoen het.
- Daarom het die Here voortgegaan om die wonders te doen - byvoorbeeld met die deurtog deur die Rooi See en in die woestyn.

Vers 37

Dit is dié Moses wat aan die kinders van Israel gesê het: Die Here julle God sal vir julle 'n Profeet verwek uit julle broers net soos ek is; na Hom moet julle luister. (Handelinge 7:37 AFR53)

Dit was toe nie net hulle oë wat oopgemaak is dat hulle Moses as verlosser gesien het nie.

Stéfanus wys daarop dat dieselfde Moses vir die Israeliete gesê het dat die Here iemand anders uit hulle gaan verwek wat die Ware Verlosser sal wees.

Hier is Stéfanus by die doel van sy toespraak: Jesus Christus!

- Hy lei sy klomp veroordelaars met Moses se geskiedenis totdat hulle voor die Here Jesus staan!
- Stéfanus haal Moses se woorde aan waar hy besig was om aan hulle te verduidelik hoe hulle die eerste twee geboorte moet toepas as hulle in Kanaän ingaan.
- Daarmee saam voorspel die Here die koms van die Here Jesus Christus:

'n Profeet uit jou midde, uit jou broers, soos ek is, sal die HERE jou God vir jou verwek; na Hom moet julle luister— (Deuteronomium 18:15 AFR53)

'n Profeet sal Ek vir hulle verwek uit die midde van hulle broers, soos jy is, en Ek sal my woorde in sy mond lê, en Hy sal aan hulle sê alles wat Ek Hom beveel. (Deuteronomium 18:18 AFR53)

Moses het geprofeteer (met 'n bevel in die profesie) dat hulle na die Profeet moet luister.

- Drie van die Evangelieskrywers bevestig dat die Here uit die hemel bevestig dat die Here Jesus Christus die Een is na Wie daar geluister moet word.
- Hy is dus die vervulling van die profesie.

Terwyl hy nog spreek, oordek 'n helderligte wolk hulle meteenseen daar sê 'n stem uit die wolk: Dit is my geliefde Seun in wie Ek 'n welbehag het. Luister na Hom! (Matteus 17:5 AFR53)

En daar kom 'n wolk wat hulle oordek; en uit die wolk kom 'n stem wat sê: Dit is my geliefde Seun, luister na Hom! (Markus 9:7 AFR53)

En daar kom 'n stem uit die wolk wat sê: Dit is my geliefde Seun; luister na Hom! (Lukas 9:35 AFR53)

Net 'n rukkie gelede voordat Stéfanus daar voor die Sanhedrin gestaan het, het Petrus ook daar verskyn om verhoor te word. Toe het hy ook na die woorde van Moses verwys. Die Sanhedrin het dus die aanhaling van die

profesie deur Moses meer as een maal tydens verhore gehoor!

Want Moses het tot die vaders gespreek: Die Here julle God sal vir julle 'n Profeet verwek uit julle broeders net soos ek is; na Hom moet julle luister volgens alles wat Hy met julle sal spreek. (Handelinge 3:22 AFR53)

Die Here Jesus verwys by implikasie na die profesie van Moses wanneer Hy die volgende sê:

Maar dat die wêreld kan weet dat Ek die Vader liefhet en doen net soos die Vader My beveel het — staan op, laat ons hiervandaan weggaan. (Johannes 14:31 AFR53)

Vraag: *Watis die implikasie van wat Stéfanus sê?*

Hy impliseer aan die Sanhedrin dat hulle valse getuies juis gesê het dat Jesus en Stéfanus Moses se wette en instellings wil verander.

- Hy toon aan dat hier presies gebeur wat Moses gesê het dat dit gaan gebeur - maar die Sanhedrin verander die reëls.
 - Hulle is ongehoorsaam aan dit wat Moses geprofeteer het.
- Hy wat Stéfanus is, is juis gehoorsaam, want die Een van Wie Moses gepraat het, is Jesus wat hulle laat kruisig het!
 - Hy wat Stéfanus is, is aan Hom gehoorsaam - soos Moses beveel het.
 - Die Sanhedrin is ongehoorsaam - teen Moses se bevel in!

Wie is nou eintlik aan Moses getrou en wie nie?

Vers 38

Dit is hy wat in die vergadering in die woestyn was saam met die Engel wat met hom op die berg Sinai gespreek het, en saam met ons vaders; hy het die lewendewoorde ontvang om aan ons te gee (Handelinge 7:38 AFR53)

Kyk na Stéfanus se woordspeling: Hy noem dit wat Moses vir die volk vertel het nadat hy van die berg afgeklim het, **lewendewoorde**

Natuurlik gaan die woorde oor **die wet**

- In Stéfanus se woorde klink die wet so goed en soet - **lewendewoorde**.
- In Paulus se woorde klink die wet alles behalwe goed en soet - hy noem dit 'n **bediening van die dood**

En as die bediening van die dood, met letters op klippe gegraveer, in heerlijkheid was, sodat die kinders van Israel nie die oë kon vestig op die aangesig van Moses nie vanweë die heerlijkheid van sy aangesig, wat tog moes vergaan, (2 Korintiërs 3:7 AFR53)

Die antwoord lê daarin dat die opvoedingswerk wat die wet doen, is om mense te oortuig van hulle sondes!

- Met ander woorde dat die mens die sondige natuur in hom moet doodmaak.
- Die wet bedoel dus inderdaad die (ewige) lewe (in die genade van die Here Jesus Christus)

Maar die wet is nie uit die geloof nie, maar die mens wat hierdie dinge doen, sal daardeur lewe. (Galasiërs 3:12 AFR53)

Die wet is dus inderdaad lewende woorde, want dit lei die gelowiges om te doen wat die verbond van hulle vereis.

Want Moses beskryf die geregtigheid wat uit die wet is: Die mens wat hierdie dinge doen, sal daardeur lewe. (Romeine 10:5 AFR53)

Het u raakgesien hoe Stéfanus sy toespraak geswaai het?

- Hy praat nie meer van Moses as die regter en owerste nie.
- Hy is 'n verlosser wat die draer is van die lewende (profetiese) Woord van God.

Die toespraak het nou 'n dubbele doel:

- *Eerstens: Dit legitimeer Moses as die Herout van Christus.*
 - *Dit beteken dat hy Moses waarmerken erken as die geldige (deur God benoem) aankondiger van die Here Jesus Christus.*
 - *As die Sanhedrin Moses glo, moet hulle die Here Jesus Christus ook glo.*

Maar as julle Moses geglo het, sou julle My glo, want hy het van My geskrywe (Johannes 5:46 AFR53).

- *Tweedens: Stéfanus kwalifiseer daarmee die werk van al die knegte van God.*
 - *Die werk van die Here se knegte word gekwalifiseer as werk van die Heilige Gees.*
 - *Die Sanhedrin en die Sinagoge se glorie van hulle godsdiens lê in die uiterlike vorms.*
- Stéfanus se betoog lê klem daarop dat die wese van Godsdiens nie in die uiterlike vorm lê nie, maar in die Woord wat van God af uitgaan.
 - Die Woord van God is sy onmiddellike (direkte) openbaring.
 - Die vorm is sy middelike openbaring.
 - Die Woord van God bring die gelowiges in direkte (onmiddellike) aanraking met God self.

Omdat God sy Woord deur sy Gees openbaaren omdat God die Heilige Gees lewend God is - daarom is dit die lewende Woord.

Glo j nie dat Ek in die Vader is en die Vader in My nie? Die woord wat Ek tot julle spreek, spreek Ek nie uit Myself nie; maar die Vader wat in My bly, Hy doen die werke. (Johannes 14:10 AFR53)

Vers 39

Na hom wou ons vaders nie luister nie, maar hulle het hom verstoot en met hulle harte na Egipten teruggekeer
(Handelinge 7:39 AFR53)

NB: Stéfanus slaan natuurlik nou die gebeure tydens die uittog - die tien plae - oor. Hy gaan met sy vertelling verder nadat die volk nou al 'n ent weg in die woestyn is.

Die stelling wat Stéfanus gemaak het oor die lewende Woord van God, laat ons meteens verstaan hoe huiweringwekkend dit is om met die Bybel/openbaring van God/Woord van God te werk!

- Dit plaas 'n geweldige en ernstige verantwoordelikheid op ons!
- Die Sanhedrin het gehoor dat Stéfanus die volgende impliseer:
 - Moses bring die lewende Woord
 - God is die lewende Woord - omdat die lewende Woord deur die Heilige Gees voorgedra word
 - As die volk Moses verwerp, verwerp hulle die lewende God
 - Dan kies die volk die dood.

Wat kies die volk?

- Die eerste keer het hulle Moses verwerp
 - 'n mens sou 'n saak kon uitmaak dat daar 'n redelike mate van regverdiging voor was, want hy was nog verbonde aan Farao se paleis.
- Die tweede keer wou hulle ook nie na hom luister nie!
 - Dit nadat hulle gebid het vir verlossing
 - En nadat Moses van God af kom - want Hy stuur Moses

Wat is die antwoord?

- Die volk het 'n element/sielsgesteldheid/karakter van vernietiging in hom.
- Dit is hulle eiegeregtigheid waarmee hulle hulle nie aan God wil onderwerp nie.

Calvyn beskryf hierdie optrede as: *die toppunt van openbare goddeloosheid!*

Wanneer ons in versetteen die Here raak, breek daarmee 'n verborge vyandskap teen God uit die siel van die mens uit.

Israel het God nie gehaat omdat Hy God is nie.

- Hulle het Hom gehaat omdat Hy eise gestel het waaraan hulle nie wou voldoen nie.
- Hulle het Hom gehaat omdat Hy nie hulle gebede verhoor het soos wat hulle dit verhoor wou hê nie.

Die mensdom se haat is sagter as die duiwel se haat.

- Die duiwel se haat is anders.
- Hy haat God omdat God in sy Wese God is.

Israel se haat het gegaan omdat hulle die uiterlike en die vorm alleen raakgesien het.

- Die wesenslike van aanbidding het by hulle verbygegaan - net soos by die Sanhedrin!
- Israel het God se wet gehaat, want dit staan teenoor hulle sinlike begeertes

Later in die woestyn kom dit duideliker na vore. Dit is wat Stéfanus bedoel met die woorde:

maar hulle het hom verstooten met hulle harte na Egipteterugkeer

Ons weet waarvan hy praat. Dit is onder andere opgeteken in Numeri.

Ons dink aan die visse wat ons in Egipte verniet kon eet, aan die komkommers en die waterlemoene en die prei en die uie en die knoffel. (Numeri 11:5 AFR53)

Vergelyk ook die volgende aanhalings uit die Bybel (Daar is baie meer!):

11 **En hulle het vir Moses gesê: Het u, omdat daar in Egipte glad geen grafte is nie, ons saamgeneemom in die woestyn te sterwe? Wat het u ons nou aangedoen, dat u ons uit Egipteland uitgelei het?** 12 **Is dít nie die woord wat ons aan u in Egipte gesê het nie: Laat ons met rus, dat ons die Egiptenaars kan dien? Want dit is beter vir ons om die Egiptenaars te dien as om in die woestynte te sterwe.** (Eksodus 14:11-12 AFR53)

Maar die volk het daar gesmagna water, en die volk het teen Moses gemurmureer en gesê: Waarom het u ons dan uit Egipte laat optrek om my en my kinders en my vee van dorste laat omkom? (Eksodus 17:3 AFR53)

En aan die volk moet jy sê: Heilig julle teen môre; dan sal julle vleis eet. Want julle het voor die ore van die HERE geween en gesê: Wie sal vir ons vleis gee om te eet? want dit was vir ons goed in Egipte. Daarom sal die HERE vir julle vleis gee, en julle sal eet. (Numeri 11:18 AFR53)

3 **En waarom bring die HERE ons na hierdie land om deur die swaard te val? Ons vroue en ons kinders sal 'n buit word. Sal dit nie beter vir ons wees om na Egipte terug te gaan nie?** 4 **En hulle sê vir mekaar: Laat ons 'n hoof aanstel en na Egipte teruggaan.** (Numeri 14:3-4 AFR53)

En waarom het julle ons uit Egipte laat optrek om ons in hierdie slegte plekke te bring? Dit is geen plek van graan of van vye of van wingerdstokke of van granatene; ook is daar geen water om te drink nie. (Numeri 20:5 AFR53)

Slotsom: Israel is *vleeslik* en God se wet is *geestelik*

Die Sanhedrin kry die boodskap: Hulle ly nog steeds daaraan!

Vers 40

toe hulle vir Aäron gesê het: Maak vir ons gode wat voor ons uit sal trek; want hierdie Moses wat ons uit Egipteland uitgelei het, ons weet nie wat van hom geword het nie. (Handelinge 7:40 AFR53)

Die volk wil nie die onsienlike aanbid nie.

- Hulle wil dit aanbid wat hulle kan sien.
- Hulle wil dus 'n God hê wat Hom in aardse en fisiese mag en krag openbaar.

Daarom tree hulle die Here se hoëpriester aan!

En die hoëpriester buig waarlikwaar voor die wil van die volk!

Hulle verset word indirek geopenbaar:

- Hulle is nie direk in verset teen die Here nie.
- Hulle is teen **hierdie Moses**...

Kyk hoe definieer hulle dit wat hulle na wil opsien:

- Hulle soek nie die God op die berg - waar Moses is nie.
- Hulle soek 'n god wat in 'n sigbare beeld in die laer (tussen die volk) is.

Vers 41

En hulle het in daardie dae 'n kalf gemaak aan die afgodsbeeld 'n offer gebring hulle in die werke van hulle hande verbly. (Handelinge 7:41 AFR53)

Aäron, die Here se hoëpriester laat hom intrek in die dwaasheid van die volk.

- Hoeveel keer gebeur dit tog nie dat die geestelike leier die spoor verloor, omdat hy nie vir die Here luister nie, maar tog luister na die sondes van die wat die Here aan hom toevertrou het?
- Die volk val die Here nie direk aan nie. Hulle doen dit indirek. Hulle kritiek gaan teen Moses - Aäron se broer.
 - Die kritiek gaan ook nie oor sy geloof, of die opdragte van die Here nie.
 - Dit gaan daarvoor dat Moses die volk alleen gelaat het.

Hulle eis 'n beeld wat vir hulle 'n god kan voorstel.

- Dis baie logies dat hulle in die keuse van die ding wat hulle as beeld wil gebruik iets sal gebruik waarmee hulle al reeds kennis gemaak het.
- Dis toe presies wat hulle doen: Hulle val terug op die afgodsbeelde wat hulle by die Egiptenare gesien het.

Vraag *Sou mens in hierdie keuse die invloed van die klomp Egiptenare wat saamgetrek het kon sien? Veral omdat hulle meermalas die instigeerders van opstande teen Moses was?*

En 'n menigte mense van gemengde bloed het ook saam met hulle opgetrek, en klein vee en beeste - 'n groot hoeveelheid vee. (Eksodus 12:38 AFR53)

En die gemengde bevolking wat onder hulle was, is met lus bevang. Toe het die kinders van Israel ook weer geweene gesê: Wiesal vir ons vleis gee om te eet? (Numeri 11:4 AFR53)

Daar is heelwat Skrifverklaarders wat sukkel om te onderskei en vas te stel hoever die aanbidding van 'n beeld moet gaan voordat dit afgodediens is.

Hulle argument loop so:

- Die volk was nie van plan om die God van hulle voorvaders weg te gooi nie.
- Die volk wou die HERE deur die kalf aanbid.
 - Die motivering is die fees wat Aäron reël:

Toe Aäron dit sien, het hy daarvoor 'n altaar gebou. En Aäron het uitgeroepen gesê: Mōre is daar fees tot eer van die HERE. (Eksodus 32:5 AFR53)

- Aäron het dus in gedagte gehad dat die fees rondom die goue kalf tot eer van die Here - die Verbondsgod - sal wees!

Tot op hierdie punt is die verstaan van die dinge wat daar gebeur het korrek. Maar die baie belangrike saak wat mens nie uit die oog mag verloor nie, is dit:

- Wat is God se siening van die saak?
- Is dit die volle waarheid as ons soos die postmoderniste net volstaan met die mense se sienings en bedoelings oor die saak?

Kom ons beredeneer dit:

- Die feit is dat mens nie die tweede gebod van die Tien Gebooe kan oortree, sonder om die eerste gebod ook te skend nie.
- Daardie twee gebooe is onskiedbaar aan mekaar vasgemaak.

Hoe sien die Here die saak en wat vereis Hy in sy openbaring?

- Om van God 'n beeld te maak - al is die beeld hoe fantasties en goed bedoel - beteken dat die beeld van die Wese van God verander/skeefgetrek word.
- Die beeld is iets anders as God self.
- Die feit dat mense hulleself aanmatig om die Here anders te aanbid as wat Hy Homself openbaar, is 'n teken van ernstige verval:
 - Dit is innerlike verval - want die mens wat dit doen se diepste verhouding met die Here het begin ingee.
 - Dis ook geestelike en sedelike verdorwenheid, want dit getuig van verwaandheid (eiewaan) en selfverheerliking.
 - Die selfverheerliking is juis wanneer die mens homself so groot/verheerlik ag dat hy na sy eie willekeur God se voorskrifte vir aanbidding verander. Hy beskou homself dus op hierdie punt ten minste as God se gelyke - daarom neem hy besluite wat die besluitneming van God tot niet verklaar.

Daarom stel Stéfanus, onder die leiding van God die Heilige Gees, dit baie sterk as hy verklaar dat hulle aan die afgodsbeeld 'n offer gebring het **en hulle in die werke van hulle hande verbly** het.

Let op die woorde: Hulle het hulle in die werke van hulle hande verbly!

- Hulle was dus baie beïndruk met die nuwe godsdienststyl wat hulle uitgedink het.
- Hulle het dit nie geniet om God te aanbid nie.
- Hulle het dit geniet en hulle in hulle eie handewerk verbly!

Vers 42, 43

42 Maar God het Hom afgewend hulle oorgegee om die leër van die hemel te dien, soos geskrywe is in die boek van die profete: Julle het tog nie aan My slagoffers en offers gebring gedurende veertig jaar in die woestynnie, o huis van Israel?
43 Ja, julle het die tent van Moloop geneem die ster van julle god Remfan, die beeld wat julle gemaak het om hulle te aanbid. En Ek sal julle anderkant Babilon wegvoer. (Handelinge 7:42-43 AFR53)

Hierdie gedeelte openbaar hoe min die Here dink van 'n mens se verkeerde inisiatief en ook met hoeveel fermheid Hy dit afkeer!

Hierdie fees rondom die goue kalf was inderdaad 'n tragedie. Israel het daarmee hulle afkerigheid aan God geopenbaar.

Dit het veroorsaak dat God Hom van die volk ook af weggedraai het.

God het Hom afgewend...

Daarmee openbaar die Here dat Hy die volk se verbreking van die verbond (tydelik dan ten minste!) aanvaar.

- Die Here se houding teenoor iemand wat die verbond verbreek, is nooit net negatief nie.
- Dit is wel so dat die Here die sondaars verder van Hom af wegstoot, maar dit is sodat hulle die konsekwensies van hulle daade kan beleef.

Omdat die Israeliete hulle soos heidene gedra, behandel die Here hulle nou soos wat Hy die heidene behandel.

Ons kry dieselfde beginsel in die Nuwe Testament:

Daaromhet God hulle ook in die begeerlikhedevan hulle harte oorgegee aan onreinheid, om hulle liggame onder mekaar te ontteer (Romeine 1:24 AFR53)

Net so gee die Here die Israeliete nou oor aan die dwalinge van die heidene.

- Daarmee openbaar die Here dat die goue kalf maar net die voorloper was van die afgodsdienste wat werklik binne in hulle gelewe het.
- Baie goue het alle uiterlike skyn weggeval – want die klomp het met brutale openhartigheid allerhande afgode begin aanbid:

en hulle oorgegee om die leer van die hemel te dien,

Die sterrehemel vertel ongetwyfeld van die eer van die Here. Dink maar net aan Psalm 19.

Vir die musiekleier. 'n Psalm van Dawid. (19:2) Die hemele vertel die eer van God, en die uitspansele verkondig die werk van sy hande. (Psalms 19:1 AFR53)

Maar dit vertel ook van Israel se skande.

Die heidene het die sterre aanbid. Daar was van die sterre wat vir hulle gode was met geheime magte en kragte. (In die plek van die Vader van die ligte het hulle die ligte van die Vader aanbid).

Wat is die beginsel?

Dit dat die mens so verdwaal raak in sy eie verwaandheid dat hy die lewende God verwerpen uit die skepping die een of ander geskape ding vir hom as god gaan uitkies - en hieraan hang hy dan al sy liefde en aanbidding op.

Die Heilige Gees laat Stéfanus die feit wat hy so pas gestel het, motiveer met 'n anhalings uit die profete. Hy haal die Griekse teks van Amos 5:25-27 redelik vry aan:

25 Het julle aan My slagoffers en spysoffers gebring veertig jaar lank in die woestyn, o huis van Israel, 26 en ook gedra Sakkut, julle koning, en Kewan, julle beelde, julle ster god wat julle vir julle gemaakhet? 27 Daarom sal Ek julle anderkant Damaskus in ballingskap wegvoer, sê die HERE wie se Naam God van die leërske is. (Amos 5:25-27 AFR53)

Die aanhaling wat Stéfanus begin met die Here se vraag:

- Het julle die veertig jaar lank in die woestyn vir My geoffer?

Die antwoord op die vraag is inderdaad 'n vlammende verwyte:

- Nee, die Israeliete het nie die Here vereer nie.
- Die Israeliete het hulle met hart en daad aan die afgode van die Ammoniete oorgegee!

Ja, julle het die tent van Mologopgeneemen die ster van julle god Remfan, die beeld wat julle gemaakhet om hulle te aanbid.

- Mologdiens was natuurlik die afgodsdienst waartydens kinders geoffer is.
- Remfan was die aanbidding van die planeet Saturnus.

Net vir die interressantheid: Die naam **Remfan** is die naam van 'n afgod wat onder verskillende name bekend gestaan het.

- In die Hebreëuseteks word hy **Kijun** genoem.
- In die Septuagint word hy **Raifan** genoem.
- Later het die afgodse naam verander na Remfan of **Romfa**.

Met die lelike verlede - dat die lewende God verruil is vir afgodsbeelde en kinderooffers - het Israel die Gees van God bedroef. (Dis wanneer 'n stukkie glas vir jou mooier is as 'n geslypte diamant!).

Sulke dinge word nie deur die Here as 'n geringe saak gesien nie. Daarom noem die Heilige Gees dadelik die straf wat gevolg het ook daarby:

Daarom sal Ek julle anderkant Damaskus in ballingskap wegvoer, sê die HERE wie se Naam God van die leërskaars is.
(Amos 5:25-27 AFR53)

*NB: In Stéfanus se toespraak sê hy dat die Here hulle anderkant **Babilon** sal wegvoer, terwyl die Hebreëuseteks sê Damaskus.*

Die punt wat gemaak word, is dit: Wat baat dit dat jy jou beroep op 'n verhouding met die Here - maar die verhouding is so verwaarloos dat die Here jou in sy straf aan die heidene onderwerp.

Let op hoe Stéfanus se betoog loop:

- Moses het met God gepraat op die berg Sinaï. God het met hom gepraat soos 'n man praat met sy vriend.

Danspreek die HERE met Moses van aangesig tot aangesig soos 'n man met sy vriendspreek. (Eksodus 33:11 AFR53)

- Toe kom die Here Jesus en Hy praat met die volk. Hy openbaar dat Hy God is. 18 Die Gees van die Here is op My, omdat Hy My gesalf het om die evangelie aan die armes te bring. Hy het My gestuur om die wat verbryseel van hart is, te genees; 19 om aan gevangenes vrylating te verkondig en aan blindes herstel van gesig; om die wat gebroke is, in vryheid weg te stuur; om die aangename jaar van die Here aan te kondig. (Lukas 4:18-19 AFR53)

Hoe het die Jode reageer?

Die Jode het toe weer klippe opgetel om Hom te stenig. (Johannes 10:31 AFR53)

En toe hulle op die plek kom wat Hoofskedel genoem word, het hulle Hom daar gekruisig, en die kwaaddoeners, een aan die regter - en een aan die linkerkant. (Lukas 23:33 AFR53)

So bou Stéfanus sy toespraak op na die klimaks toe:

Julle hardnekkig gesen onbesnedenes van hart en ore, julle weerstaan tydens die Heilige Gees; net soos julle vaders, so ook julle. (Handelinge 7:51 AFR53)

Vers 44

Die tent van die Getuïenis was onder ons vaders in die woestyn, soos Hy wat met Moses gespreek het, hom bevel gegee het om dit te maak volgens die afbeelding wat hy gesien het. (Handelinge 7:44 AFR53)

Let op dat Stéfanus in sy betoog drie beskuldigings lê teen die regbank wat hom verhoor.

- Die eerste een gaan oor Israel se verhouding teenoor Josef.
- Die tweede een hulle gedrag teenoor Moses.
- Die derde beskuldiging gaan nou oor hulle verhouding tot die heiligdom.

So pas het hy hulle daarop gewys dat hulle Mologaanbidders was terwyl die tent van samekoms by hulle gestaan het. Mensvreter wat die lewende God verwerp het.

Stéfanus wys hulle op die geweldige voorreg wat hulle gehad het dat die tent van getuïenis by hulle was.

- Met nadruk word daarop gewys dat dit nie sommer 'n tent was wat soos die afgodsbeelde deur mense uitgedink of aanmeakaargeflans was nie.
- Dit was opgerig volgens God se voorskrifte. Vergelyk hierby wat in die Hebreërbrief staan:

Wanthy het die stad verag wat fundamenteel het, waarvan God die Boumeester en Oprigter is. (Hebreërs 11:10 AFR53)

In die tent (tabernakel) het hulle die getuienis gehad dat God lewend by hulle was.

- Maar wat veral belangrik is, is dit: Waar die getuienis van God se nabyheid is, daar is die Gees van God ook.
- Die Gees getuig van God! Want Hy is God!

Vers 45

En ons vaders het dit ontvang met Josua ingebring in die besitting van die nasies wat God voor ons vaders uitgedryf het, tot op die dae van Dawid (Handelinge 7:45 AFR53)

Die Here was nie net in die woestyn by die Israeliete nie.

- Die feit dat hulle die tent elke keer saamgedra het as hulle verskuif het - tot binne-in die Beloofde land toe, was die simbool van God se voortdurende teenwoordigheid by hulle.
- Die tabernakel was by hulle toe die volke van die land uitgedryf was en hulle dit in besit geneem het - as 'n getuienis dat die Here sy Woord en beloftes waar maak!

Vers 46

wat genade gevind het voor God en gevra het om 'n woonplek vir die God van Jakob te verkry. (Handelinge 7:46 AFR53)

- Die tent van getuienis was ook nog by hulle in die tyd van Dawid.
 - In Dawid se tyd het die wending gekom dat die tent vervang word met die tempel van die Here.
 - Dawid wou die tent vervang met 'n vaste woning - maar hy was nie goed genoeg geag deur God om dit self te doen nie.
 - Die Here het egter toestemming gegee dat die heiligdom 'n vaste gebou geword het wat getuig het dat die ewige God onder sy volk woon.

Vers 47

En Salomo het 'n huis vir Hom gebou. (Handelinge 7:47 AFR53)

Vers 47, 48

En Salomo het 'n huis vir Hom gebou. Maar die Allerhoogste woon nie in tempels wat met hande gemaak is nie, soos die profetsê: (Handelinge 7:47-48 AFR53)

Die Here het in sy vrymag om te besluit en te doen wat Hy wil, bepaal dat Dawid nie die tempel sal bou nie - hy het te veel bloed aan sy hande gehad. Die Here wou dat Salomo die tempel bou.

- Die hele proses van die tempelbou word oorgeslaan.
- So ook die ingebruikneming en alles wat daar gebeur het, byvoorbeeld die gebed wat Salomo daardie dag gebid het.

Stéfanus stel net die beginsel:

die Allerhoogste woon nie in tempels wat met hande gemaak is nie

Die vraag is: waarom?

Die antwoord kom uit in die aanhaling van Jesaja wat Stephanus na hierdie woorde maak, naamlik dat die Here so groot is dat Hy in niks wat geskape is 'n woonplek kan hê nie. Dit verwys, sonder dat dit duidelik gestel word, na die volgende:

- Salomo se woorde by die ingebruikneming van die tempel:

Maarsou God werklik op die aardewoon? Kyk, die hemel, ja, die hoogste hemel kan U nie bevat nie, hoeveel minder hierdie huis wat ek gebou het. (1 Konings 8:27 AFR53)

- Die probleem in die tyd van Jeremia is ook in die gesigsveld:

Vertrouie op bedrieglike woorde nie - watsê: Die HERE se tempel, die HERE se tempel, die HERE se tempel is dit! (Jeremia 7:4 AFR53)

- Toe het die Jode al die klem verskuif van die God van die tempel af na die tempel van God toe!
- Hulle het gedink die tempel sal hulle beskerm teen die straf van die Here oor al hulle sondes!
- NB Stéfanus word juis daarvan beskuldig dat hy die Jesus verkondig het wat gesê het Hy gaan die tempel afbreek en dit in drie dae oorbou! - Hulle dwaalleer het dus baie lank terug al begin!

Jesusantwoorde sê vir hulle: Breek hierdie tempel af, en in drie dae sal Ek dit oprig. (Johannes 2:19 AFR53)

- *Hulle het dus die klomp tempel klippe waarmede die tempel gebou gebou is, meer geag as Jesus Christus die Here in Wie die volheid van God liggaamlik gewoon het! **Hulle liefde vir die tempelgebou het veroorsaak dat hulle die Here van die tempel gehaat het!***

Vers 49,50

Die hemel is my troon en die aarde die voetbank van my voete. Watter soort huis sal julle vir My bou, sê die Here, of hoedanig is die plek van my rus? Het my hand nie al hierdie dinge gemaak nie? (Handelinge 7:49-50 AFR53)

Stéfanus dink met sy aanhaling spesifiek aan Salomo, maar ongetwyfeld ook aan die profeet Jesaja:

So sê die HERE: Die hemel is my troon en die aarde die voetbank van my voete. Waar is dan die huis wat julle vir My sal bou? En waar die plek wat my rusplek sal wees? Want my hand het al hierdie dinge gemaak, en so het dit alles ontstaan, spreek die HERE. Maar op hierdie een sal Ek let: op hom wat arm is en verslae van gees, en wat bewe vir my woord. (Jesaja 66:1-2 AFR53)

Wat is die boodskap?

- Ons geloof grond in die heiligheid en die absolute beskikking en genade van God.
- Ons geloof se basis rus nie op menslike uitvindings (allerhande geloofswette) of voorwerpe wat mense met hulle hande gemaak het nie (bv. Die tempel).

Toe Stéfanus sy toespraak begin het in antwoord op die vraag van die hoëpriester of die dinge dan so is, het hy gesê:

Die God van die heerlijkheid het verskyn aan ons vader Abraham toe hy in Mesopotamië was, voordat hy in Haran gewoon het, (Handelinge 7:2 AFR53)

Nou, aan die einde van sy toespraak, kom hy weer terug na die Here toe - maar hy kondig baie groter en sterker aan Wie die Here is.

- Dis nie meer die Here wat in die grootheid van sy genade 'n sondaar gaan roep uit die heidendom nie.
- Dis die Almagtige God wat Hom openbaar aan die nageslag van daardie geroepte man - ingebou is daar die verwyte dat hulle van Hom dieselfde dink wat hulle van 'n afgod dink!
- Die Here is so groot dat Hy nie in iets soos 'n mensgemaakte tempel kan woon nie!

Maar die Allerhoogstewoonnie in tempels wat met hande gemaak is nie, soos die profeetsê: Die hemel is my troon en die aarde die voetbank van my voete. Watter soort huis sal julle vir My bou, sê die Here, of hoedanig is die plek van my rus? Het my hand nie al hierdie dinge gemaak nie? (Handelinge 7:48-50 AFR53)

Op hierdie punt hou Stéfanus op om na die geskiedenis te verwys.

Hy kon nog aangegaan het met die koningsgeskiedenis en ook nog met die ballingskapsgeskiedenis.

Waarom sny hy meteens die geskiedenis af? Het daar op daardie oomblik iets in die hof gebeur? Ons weet nie.

In elk geval het Stéfanus tot op die punt toe reeds volledig aangetoon dat die Sanhedrin se verset ten diepste 'n verset teen die Here Jesus Christus is. Hulle het Hom gekruisig en verwerp.

Nou gaan hy aantoon dat verset teen die Here Jesus niks anders is nie as verset teen God die Heilige Gees. Die Sanhedrin het dus groot moeilikheid, want hulle het hulle teen die Heilige Gees verset!

Vers 51

Julle hardnekkiges en onbesnedenes van hart en ore, julle weerstaan tydens die Heilige Gees; net soos julle vaders, so ook julle. (Handelinge 7:51 AFR53)

Meteens gaan Stéfanus se betoog oor in 'n geweldige skerp aanklag. Dis byna soos 'n weerligstraal wat uit 'n swaar wolk uit losskeur op die klomp mense daar in die Sanhedrin.

Hierdie gebeurtenis het skerp kontraste wat daarin rondspeel:

- In hoofstuk 6 het die Sanhedrin al opgemerk dat Stéfanus se gesig soos die van 'n engel was.
- Nou kom hierdie onverbiddelike woorde uit 'n engelgesig! Die skok van die teenstelling onderstreep inderdaad die waarheid van dit wat die Heilige Gees kwytraak.
- Dis ook nie asof dit die eerste keer is dat hierdie soort van uitspraak teen die Jode gemaak is nie! Die Here Jesus het dit al in die openbaar gesê:

Jerusalem, Jerusalem, jy wat die profete doodmaak en stenig die wat na jou gestuur is, hoedikwels wou Ek jou kinders bymekaarmaak net soos 'n hen haar kuikens onder die vlerke bymekaarmaak, en julle wou nie! (Matteus 23:37 AFR53)

Die profete het oor die jare al oor die volk Israel se hardnekkigheid teen die Here gepraat.

Moses het dit gesê toe die HERE gepraat het van hulle onbesnede hart:

... sodat Ek My ook teen hulle versit het en hulle in die land van hulle vyandemoes bring; of, as hulle onbesnede hart hom dan vernederen hulle dan boet vir hul ongeregtheid, (Levitikus 26:41 AFR53)

Nehemia het ook hieroor gepraat en die volk net na die Ballingskap skerp verwyt met die woorde:

Maar hulle, naamlik ons vaders, het vermetel gehandel en hulle nek verhard en nie na u geboei geluister nie; (Nehemia 9:16 AFR53)

Die beelde wat gebruik word, beskryf hoe die volk hulle teen die Here self verset het.

- Hulle was nie teen die uiterlike dinge nie.
- Hulle het hulle teen die bevele van God die Heilige Gees in verset.

Die boodskap aan die Sanhedrin is oorweldigend: As julle die Here Jesus verwerp, verwerp julle die Heilige Gees, want die Gees van die Here is op Hom - Hy is die Gesalfde/Messias/Christus

Daar is 'n bepaalde klimaks in die uitspraak van Stéfanus:

net soos julle vaders, so ook julle

- In 'n sekere sin het die (voor)vaders in die nag gelewe, want die openbaring was toe nog nie volledig nie.
- Maar met die Sanhedrin (die nageslag) is die saak heeltemal anders, want die openbaring is intussen vervul!
 - Die kruisiging en opstanding en hemelvaart is afgerond met die uitstorting van die Heilige Gees.
 - Die Nuwe Verbond is volledig in sy vorm gegiet deur die Here.

Met die uitstorting van die Heilige Gees is daar vergifnis aangekondig vir die moord op die Here Jesus:

En Petrus sê vir hulle: Bekeer julle, en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van sondes, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang. (Handelinge 2:38 AFR53)

Intussen het die tyd nou aangestap:

- Hierdie groep het geen berou oor die moord op die Here Jesus Christus nie.
- Hulle verhard dus in verwerping van die Here Jesus Christus.
 - Dis presies waarom dit gaan!
 - Om die Messias/Christus te verwerp, is sonde teen die Heilige Gees!
 - Daardie sonde beteken baie groot moeilikheid:

En elkeen wat 'n woordsprek teen die Seun van die mens, dit sal hom vergeweword; maar elkeen wat spreek teen die Heilige Gees, dit sal hom nie vergeweword nie, in hierdie eeu nie en ook in die toekomstige eeu. (Matteus 12:32 AFR53)

Slotsom: Die Sanhedrin gaan met die verbondsbreuk waarmee hulle (voor)vaders besig was, voort.

Vers 52.

Watter een van die profete het julle vaders nie vervolgnie? Ja, hulle het dié gedood wat vooraf die koms verkondig het van die Regverdige, van wie julle nou verraaiers en moordenaars geword het; (Handelinge 7:52 AFR53)

Die Sanhedrin moes nou al 'n punt bereik het waar hulle geloofsinsig al so ontwikkel het dat hulle hulleself uiteindelik aan die kant van die profete moes skaar!

Daar is dus 'n bepaalde vernietiging in Stéfanus se vraag (stelling!)

Watter een van die profete het julle vaders nie vervolgnie?

Jesus het mos gesê:

Wee julle, want julle bou die grafte van die profete, en julle vaders het hulle gedood. Julle gee dus getuie nis vir die werke van julle vaders en het saamwel behaedarin, want hulle het hul gedooden julle bou hul grafte. (Lukas 11:47-48 AFR53)

Vir die eerste keer noem Stéfanus nou die Persoon oor Wie sy betoog gaan: **die Regverdige.**

Die Sanhedrin het hierdie titel goed geken, want Jesaja het dit geprofeteer:

Weens die moeitevolle lyde van sy siel sal Hy dit sien en versadig word; deur sy kennis sal my Kneg, die Regverdige, baie regverdigmak; en Hy sal hulle skuld dra. (Jesaja 53:11 AFR53)

- Dit is die punt van konflik!
- Dis net hier waar die swaard van God se Woord die skeiding tussen mense aanbring.
- Die Sanhedrin was nie in staat om **my Kneg, die Regverdige** (wat) baie regverdigmak te herken en te aanbid nie.
 - Die apostel Johannes se idioom: Hulle het Hom nie aangeneem nie.

Ek het gekom in die Naam van my Vader, en julle neem My nie aan nie. As 'n andereen in sy eie naam kom, hóm sal julle aanneem. (Johannes 5:43 AFR53)

Die Here se profesie was dat ... **Hy sal hulleskulddra.**

- Maar dis nie almal se skuld nie.
- Dis die skuld van dié wat Hom aanneem.
- Die Sanhedrin val nie in hierdie kategorie nie. Stéfanus stel dit duidelik: **van wie julle nou verraaiers en moordenaars geword het;**

Vraag: Waarpas hierdie woorde van die profeet Jesaja?

... **as die Here die onreinheid van die dogters van Sion afgewas en die bloedskulde van Jerusalem daaruit weggespoel het deur die Gees van strafgerigen die Gees van uitdelging.** (Jesaja 4:4 AFR53)

Vers 53.

julle wat die wet deur die beskikkinge van engele ontvang het en tog nie onderhou het nie! (Handelinge 7:53 AFR53)

Dit is die swaarste en ernstigste aanklag!

- Die mense het waarskynlik geen skuld gevoel omdat hulle die Here laat kruisig het nie.
- Aan die Nasarener en hoe hulle van Hom ontslae geraak het, het hulle hulle min gesteur.

MAAR toe Stéfanus sê hulle het nie die Wet gehou nie, was die gort gaar!

- Die Wet was vir hulle die heerlijkheid van die tempel.
- Dit was heeltemal buite hulle gesigsveld dat hulle in staat kon wees om die Wet te skend!

Dit was net hier waar hulle besluit het om Stéfanus se mond vir altyd toe te maak

In 'n sekere sin was die betoog van Stéfanus in ander woorde, op 'n ander plek en in 'n ander idioom, maar net 'n herhaling van Jeremia se uitroep:

Slaan jou oë op na die kaal heuwels en kyk! Waar is jy nie oenteerne? Aand die paaie het jy vir hulle klaar gesit soos 'n Arabier in die woestyn, en jy het die land ontheilig deur jou hoererye en deur jou boosheid. (Jeremia 3:2 AFR53)

Vers 54

En toe hulle dit hoor, was hulle woedend in hul harte en het teen hom op die tande gekners. (Handelinge 7:54 AFR53)

Die woorde was hulle woedend in hul harte is natuurlik idiomaties vertaal.

- Letterlik staan daar in die Grieks dat hulle harte middeldeur gesaag geraak het!
- Hulle was dus so kwaad dat hulle pyne in die borskas gevoel het asof hulle harte middeldeur gesaag is!

Die toespraak (of Teo-spraak?!) van Stéfanus het die atmosfeer al swaarder gelaai.

- Die beskuldigings teen die Sanhedrin as verteenwoordigers van die (ongelowige deel van die) Joodse volk het al skerper en ernstiger geword.
- Uiteindelik het dit 'n hoogtepunt bereik met die beskuldiging dat hulle
 - teen die Heilige Gees gesondig het
 - en die wet so swak onderhou het dat hulle inderdaad maar net heidene (onbesnedenes van hart en ore!) was.

Heiligheid en onheiligheid was nog nooit versoenbaar nie. Daarom is dit net gewoon logies dat die man met die heilige gesig (Stéfanus) se woorde (Heilige Gees se woorde) die klomp verhardes in die Sanhedrin tot die uiterste waansin sou dryf.

Met die uitsondering van die twee keer toe die Here Jesus 'n sweep gevat en die geldhandelaars en al daardies uit

die tempel uitgejaag het, lees ons nie baie van aggressiewe optredes by gelowiges nie (Daar is wel sulke geleenthede – Nehemia wat die mense geslaan en hulle hare uitgetrek het!).

Die reël is heeltemal anders as dit by ongelowiges kom. Hulle optredes word gekenmerk deur woede en onbeheersdheid. Dit is dinge soos tande kners en skreeu. Vergelyk die volgende uitsprake wat almal ooreenkom met dit wat die Sanhedrin gedoen het in Handeling 7:

Onder die roekeloosstetafelspotterskniers hulle met hul tande teen my. (Psalms 35:16 AFR53)

Die goddelose bedink listige planneteen die regverdige en kners met sy tande teen hom. (Psalm 37:12 AFR53)

Die goddelose sien dit en is vererg; Sjin. hy kners met sy tande en smelt weg; Tau. die begeerte van die goddelose mense vergaan. (Psalm 112:10 AFR53)

Al jou vyanderek hulle mondoop oor jou, hulle spot en kners op die tande, hulle sê: Ons het verslind, ja, dit is die dag wat ons verwaghet; ons het dit bereik, dit belewe! (Klaagliedere 2:16 AFR53)

. . . en waar hy hom ook aangryp, skeur hy hom; en hy kry skuim in die mond, en hy kners met sy tande en word styf; en ek het u dissipels gevra om hom uit te dryf, en hulle kon nie. (Markus 9:18 AFR53)

Vergelyk ook die volgende tekste:

En toe die dissipels Hom op die see sien loop, word hulle ontsteld en sê: Dit is 'n spook! En hulle het geskreeu van vrees. (Matteus 14:26 AFR53)

En die onreine gees het hom stuip trekkingslaat kry en met 'n groot stem geskreeu uit hom uitgegaan. (Markus 1:26 AFR53)

En elke keer as die onreine geeste Hom sien, het hulle voor Hom neergeval en geskreeu gesê: U is die Seun van God! (Markus 3:11 AFR53)

En nadat hy geskreeu hom baie stuip trekkingslaat kry het, het hy uitgegaan. En die seun het soos 'n dooie geword, sodat baie gesê het: Hy is dood. (Markus 9:26 AFR53)

En die skare het geskreeu begin vra dat hy vir hulle sou doen soos altyd. (Markus 15:8 AFR53)

En duiwels het ook uit baie uitgegaan en geskreeu gesê: U is die Christus, die Seun van God! En Hy het hulle bestraf en nie toegelaat om te praat nie, omdat hulle geweethet dat Hy die Christus was. (Lukas 4:41 AFR53)

Hier ophet Pilatus probeer om Hom los te laat, maar die Jode het geskreeu gesê: As u Hom loslaat, is u nie die keiser se vriend nie. Elkeen wat homself koning maak, kom in verset teen die keiser. (Johannes 19:12 AFR53)

Daar is selfs 'n waarskuwing dat hierdie sataniese styl in die kerk van die Here kan gebeur en dat dit voorkom moet word!

Alle bitterheiden woede en toornen geskreeu lastering moet van julle verwyder word, saam met alle boosheid. (Efesiërs 4:31 AFR53)

Waarom is die manne van die Sanhedrin so ontsteld met Stéfanus?

- Omdat die seerste seer wat aan enige mens gedoen kan word, is wanneer sy hoogmoedigheid aangerand word!
- Stéfanus het die onheiligheid van die agbare Sanhedrin en van die hele sogenaamd heilige volk afgespeel teen die heiligheid van God – en hulle was aan die verloorkant!
- Hoe skerper die openbaring van die heiligheid van God – soveel skerper is die pyn (van onheiligheid) van die ongelowiges/skyngelowiges.

Mens kan verwag dat na Pinkster die reaksie van verwaand soveel sterkers sal wees, want hulle loop hulle vas teen baie sterker inwendige geloofsoortuigings van die Christeneas wat vantevore die geval was.

Presies dieselfde het gebeur toe Petrus die Naam van die Heilige Gees genoem het.

En ons is sy getuies van hierdie dinge, en ook die Heilige Gees wat God gegee het aan die wat Hom gehoorsaam is. Toe hulle dit hoor, was hulle woedend en wou hulle om die lewe bring. (Handelinge 5:32-33 AFR53)

Opmerking: Die gekners van tande is hoe die dierlikheid van 'n mens wat God haat, uitkom! Dis 'n teken van sy haat en onverwerkbare smart – in 'n sekere sin dus ook van dit wat diegenely wat in die hel verloor het teen die almag van God.

Maar die kinders van die koninkryk sal uitgedryf word in die buitestede uisternis. Daar sal geweenees gekners van die tande. (Matteus 8:12 AFR53)

Vers 56

En hy het gesê: Kyk, ek sien die hemele geopen en die Seun van die mens aan die regterhand van God staan. (Handelinge 7:56 AFR53)

Op hierdie stadium sou enige mens wat daar in die hof gesit het, by homself gesê het dat Stéfanus se saak – menslik gesien – verlore was. Daar was geen kans meer dat hy enigsins vrygespreek sou word nie.

MAAR die saak was in werklikheid heeltemal anders, want hierdie wêreld met sy uitspraak oor ons geloof is nie die belangrikste of die laaste sê nie.

- Die Here van die Ewigheid beslis oor ons toekoms.

Vrae:

- Was die posisie van Stéfanus anders as Moses s'n in die woestyn toe die volk hom met klippe wou doodgooi?

Toe het Moses die Here aangeroep en gesê: Wat moet ek met hierdie volk doen? Dit skeel maar min of hulle stenigmy. (Eksodus 17:4 AFR53)

- Was dit anders as wat Daniël se posisie in die leeukuil was?

Daar ophet daardie man die koning bestorm en aan die koning gesê: Weet, o koning, dat dit 'n wet van Meders en Perse is dat elke verbod of verordening wat die koning vasgestel het, nie verander mag word nie. 16 (6:17) Toe het die koning bevel gegee, en hulle het Daniël gebring in die leeukuil gegooi. Die koning het begin spreek vir Daniël gesê: Mag jou God wat jy gedurigdeur vereer, jou verlos! 17 (6:18) En 'n klip is gebring op die opening van die kuil gelê, en die koning het dit met sy ring en met die ring van sy maghebbers verseël, sodat niks anders met Daniël sou gebeur nie. (Daniël 6:13-17 AFR53)

Wat baie opvallend is, is dat Stéfanus niks skreeu of uitroep nie.

- Hy smee ook nie by die Sanhedrin om genade nie.
- Hy bely bloot wat hy sien:

Kyk, ek sien die hemele geopen en die Seun van die mens aan die regterhand van God staan.

Iets dimensioneels het gebeur: Die afstand tussen hemel en aarde smelt meteens weg. Die God van heerlikheid van wie Stéfanus die hele tyd getuig het, skuif meteens die gordyn weg sodat Stéfanus in die on sienlike kan insien.

- Stéfanus getuig wat hy sien: Hy sien die Here Jesus Christus.
- Die Sanhedrin is juis so bly dat hulle Jesus kon laat doodmaak en dat Hy nou uit die pad is – en nou getuig hierdie man met die gesig van 'n engel dat hy daardie selfde Man lewend sien.
 - Wat meer is, hy sien Hom aan die regterhand van God staan!
 - Dit beteken dat Jesus God self is – **aan die regterhand van God** beteken in ons idioom **God self in sy krag**.

lets van 'n imperatief lê tog in die gebeurtenis self (dit appelleer op ons almal):

- Stéfanus sien nie die haat van die mense rondom hom nie. Hy steur hom ook nie daaraan nie.
- Hy kyk na wat hy glo en hy bly net daarby.
 - Hy kyk net na die heerlijkheid wat van die regterstoel van God af deur die Here Jesus Christus toegesê word aan die wat in Hom glo en Hom bely.

lets van dit wat die Here Jesus vir die dissipels gesê het, word in hierdie visioen waar:

(1:52) En Hy sê vir hom: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, van nou af sal julle die hemel geopend sien en die engele van God opklimen neerdaal op die Seun van die mens. (Johannes 1:51 AFR53)

Let ook op dat Stéfanus spesifiek na Jesus verwys as **die Seun van die mens**.

- Dit was ook nie die eerste keer dat die Sanhedrin in daardie selfde vertrek daardie woorde gehoor het nie.
- Tydens die verhoor van die Here Jesus het Hy dit ook gesê:

Jesus antwoord hom: U het dit gesê. Maar Ek sê vir u almal: Van nou af sal u die Seun van die mens sien sit aan die regterhand van die krag van God en kom op die wolke van die hemel. (Matteus 26:64 AFR53)

Die benoeming van die Here Jesus as **die Seun van die mens** kom uit Daniël 7:13, 14:

Ek het gesien in die naggesigte, en kyk, met die wolke van die hemel het Een gekom soos die Seun van 'n mens, en Hy het gekom tot by die Oewer van dae, en hulle het Hom nader gebring voor Hom. En aan Hom is gegee heerskappy en koningskap; en al die volke en nasies en tale het Hom vereer; sy heerskappy is 'n ewige heerskappy wat nie sal vergaan nie, en sy koninkryk wat nie vernietig sal word nie. (Daniël 7:13-14 AFR53)

Elke lid van die Sanhedrin het dus geweet dat Stéfanus in die visioen gestaan en kyk het na die Here Jesus – die ewige God wat vir ewig oor almal regeer.

Vers 57

Maar hulle het met 'n groot stem geskreeu en hulle ore toegestop soos een man op hom aangestorm. (Handelinge 7:57 AFR53)

Hier het die mens die tipiese reaksie van iemand wat God weggestoot het en dan weer met die almag van God gekonfronteer word.

- Die openbaring dwing weer die opstand opnuut uit hom na vore.
- Hoogmoed en halsstarrigheid het altyd die konsekwensie dat dit skeuring en haat verwek.
- Presies dit gebeur hier.

Weereens kom die oplossing ook tipies uit die stal van die duiwel:

- Vernietig jou opposisie.
- Maak Stéfanus dood soos ons die Here doodgemaak het.

Hulle het net doodeenvoudig soos een man hulle ore (vir God en die waarheid!) toegestop en Stéfanus bestorm.

Vers 58

En hulle het hom buitekant die stad uitgewerpen hom gestenig; en die getuies het hulle klere neergelê by die voete van 'n jongman met die naam van Saulus. (Handelinge 7:58 AFR53)

Let op hoe slaan die aard van die duiwel uit in hierdie klomp kerkmense.

- Daar is 'n kombinasie van haat, geweld en presiesheid!
- Hulle neem selfs die werk van die reg en die geregsdienaars oor.
- Die bidders word polisie – wat 'n bespotting word van die diens aan God gemaak!
- Geen sedelike wet is in die gesigsveld nie – maar die seremoniële wet word uiters noukeurig toegepas – Stéfanus word as 'n lasteraar tereggestel:

Bring die vloeker buitekant die laer uit, en almal wat dit gehoor het, moet hulle hande op sy hoof lê; dan moet die hele vergadering hom stenig. (Levitikus 24:14 AFR53)

Tydens Pilatus se regering kon die Jode nie sommer iemand na willekeur doodmaak nie.

- By al sy swakheid het hy orde gehandhaaf.
- Intussen is Pilatus teruggeroep na Rome toe. Daarom gebruik die Jode nou die geleentheid om die reg in eie hande te neem en die doodsvonnis oor Stéfanus te voltrek.

So vind die eerste Christenmoord deur die sogenaamde kerk plaas. Dis 'n proses wat nooit weersal ophou nie, totdat die gekruisigde Here Jesus op die wolke verskyn om die oordeel final en vir ewig af te handel.

Die Sanhedrin het die buitekant van die wet presies gehou. Hulle het dat die getuies die eerste klippe gooi – soos die wet bepaal.

- Daarvoor moes hulle natuurlik hulle lang rokke uittrek.
- Die getuies het toe hulle klere gaan neersit by 'n jong man wie se naam Saulus was.

Dis ook tipies dat iemand wat vals is nie sal huier om selfs moordte pleeg vir die leuens wat hy vertel nie.

Die boek Handelingte vertel dat die gemeente hulle offers en bydraes aan die voete van die apostels neergelê het:

Want niemand onder hulle was behoeftig nie; want almal wat besitters van gronde of huise was, het dit verkoop en die prys van wat verkoop is, gebring aan die voete van die apostels neergelê. (Handelingte 4:34 AFR53)

- Paulus se begin in die geskiedenis van die Christelike kerk is glad nie so eerbaar soos die apostels s'n nie.
- Die moordenaars en leuenaars het hulle klere by sy voete neergesit sodat hulle teen die waarheid in iemand in die kerk van die Here kon doodmaak.

Vers 59

En hulle het Stéfanus gestenig terwyl hy die Here aanroep en sê: Here Jesus, ontvang my gees! (Handelingte 7:59 AFR53)

Kyk hoe geniet die Satan homself in die lewe van sogenaamde gelowiges!

- Soos onredelike diere gaan hulle tekere.
- Hulle gooi klippe soos barbare en tydsaam sterf 'n man.
- Hoeveel ure lank het hulle hom aanhou gooi voordat hy uiteindelik dood was?

Vraag:

Hetsy gesignog steeds gelyk soos 'n engels'n?

As die engele in die hemel juig oor een sondaar wat tot bekering kom, was hulle beslis ontsteld oor hierdie wandaad wat teenoor een enkele gelowige gepleeg is. Daarom oorheers die Heilige Gees selfs in hierdie oomblikke Stéfanus se hart en verstand.

- Hy sterf biddend.
- Hy sterf in gesprek en in gemeenskap met die Here Jesus Christus:

Here Jesus, ontvang my gees!

So gee die Here sterwensgenade en lei Hy die wat vir Hom sterf deur die geweld van mense en pyn tot voor sy troon.

Vers 60

En hy het op sy knieë neergevalen met 'n groot stem uitgeroep: Here, reken hulle hierdie sondes toe nie! En met dié woorde het hy ontslaap. (Handelinge 7:60 AFR53)

Kyk hoe ver kan 'n mens wat in sonde ontvang en gebore is, se geloof ontwikkel?

- Stéfanus kan opreg vir sy vyande bid vir vergifnis van hulle sondes terwyl hy sterf.
- Sy laaste asemkrete is 'n gebed met 'n sterk stem: Here vergewe hulle!

Hier sit 'n groot stuk ironie in hierdie laaste woorde van Stéfanus:

- Hy sien die Here Jesus as die Ewige Regter wat oor mense oordeel – waarskynlik ook oor die mense wat hom nou stenig.
- Dan bid hy vir hierdie (valse) aardse regters vir vergifnis van hulle sondes en vir vrypraak van hulle sonde by die enigste ewige ware Regter.

So gaan hy biddend uit ons wêreld uit in die ewigheid in!